

GEREGTIGHEID DEUR GELOOF

WAT IS DIE WARE EVANGELIE?



DENNIS PRIEBE

vertaal deur Armin Kritzinger

INHOUD

Inleiding	2
Les 1: Die Twee Definisies Van Sonde	4
Les 2: Die Gevolge Van Sonde En Die Straf Van Sonde	9
Les 3: Sonde Is ‘n Keuse	14
Les 4: Wat Van Erfsonde?	19
Les 5: Die Woord Het Vlees Geword	24
Les 6: Watter Natuur Het Christus Geneem?	30
Les 7: Geen Sondige Gewoontes Nie	36
Les 8: Hoe Was Jesus Versoek?	41
Les 9: Regverdig Verklaar Deur Christus	47
Les 10: Die Ondervinding Van Regverdigmaking	52
Les 11: Heilig Verklaar Deur Christus	59
Les 12: Die Ondervinding van Heiligmaking	63
Les 13: Is Dit Regtig Moontlik Om Volmaak Te Wees?	70
Les 14: Oorwinning Oor Sonde	76
Les 15: Die Finale Generasie Voor Jesus Kom	83
Les 16: Hoekom Is Dit So Belangrik?	90

©2020 Armin Kritzinger

arminkritzinger@live.com

Alle Regte Voorbehou.

www.trustthisword.com

Book Edited Version 3

YouTube: Armin Kritzinger

INLEIDING

Verlossing is eenvoudig. Dit is veronderstel om eenvoudig te wees, maar die waarheid van die saak is dat gedurende die laaste tweeduisend jaar het daar verskillende weergawes van die evangelie ontwikkel in die Christenkerk. Party gewilde, bekende mense het valse weergawes van die evangelie verkondig en dit het ongelukkig veroorsaak dat valse weergawes van die evangelie baie gewild geword het. Dit het ook veroorsaak dat baie mense verwar en deurmekaar is oor die evangelie.

Dit is die doel van hierdie reeks lesse om die basiese dele van die evangelie te bestudeer direk vanuit die Bybel. Deur hierdie reeks lesse kan die proses van verlossing en redding dan weer duidelik en eenvoudig gemaak word vir die ware Bybelstudent.

Die studie van die Bybel se leerstellings en profesieë is 'n baie interessante en produktiewe area van Bybelstudie, en dit moet nooit afgeskeep en verwaarloos word deur die mense wat God se wil vir hulle lewe wil leer nie. Die fondasie van al die leerstellings in die Bybel is die onderwerp van hoe God die sondaar red van sondeskuld en veroordeling, en daardie selfde sondaar voorberei vir die ewige lewe in 'n nuwe wêreld waar daar nooit meer sonde sal wees nie. Ons moet nie raai oor hoe verlossing werk nie. Ons waag ook nie om net eenvoudig iemand anders se woord te glo oor hoe verlossing werk nie – dit maak nie saak hoeveel invloed of kwalifikasies hulle het nie. Ons moet definitief vir onself weet en verstaan wat die Bybel werklik leer oor verlossing en die evangelie.

Die beste Bybelse inleiding tot hierdie reeks lesse word gevind in **Romeine 1:16, “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo”**. Dit is

die doel van hierdie reeks lesse om na die ware betekenis en krag van hierdie verse te wys. Ons wil hierdie vers verstaan meer as enige ander onderwerp.

Hierdie reeks lesse sal in vier dele verdeel word waar elke deel fokus op 'n ander aspek van die verlossings-proses. Die lesse en onderwerpe is soos volg:

Lesse 1-4: Wat is Sonde?

Lesse 5-8: Hoe het Christus gelewe?

Lesse 9-12: Wat is Regverdigmaking en Heiligmaking?

Lesse 13-16: Wat leer die Bybel oor Volmaaktheid?

Soos jy deur hierdie lesse werk, onthou om die Heilige Gees te vra om jou leermeester te wees voordat jy God se Woord oopmaak. Slegs die Heilige Gees, wat die Bybel geïnspireer het, kan vir ons die ware betekenis van Gods Woord leer.

LES 1

TWEE DEFINISIËS VAN SONDE

In ons heel eerste les van die Bybel moet ons kyk na 'n belangrike punt wat die grondslag gaan lê vir al die ander lesse. Die belangrike eerste stap in enige studie van die evangelie is die eenvoudige vraag, "Wat is sonde?"

Wat het Jesus gekom om te doen?

"en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." Matteus 1:21

- (A) _____ Jesus het gekom om 'n goeie spreker te wees.
- (B) _____ Jesus het gekom om mense te verlos van sonde.

Dit is sonde wat veroorsaak dat ons verlore is, en die evangelie is die goeie nuus van hoe God ons verlos en red van sonde. Meeste van ons neem maar net aan dat ons reeds weet wat sonde is, maar miskien is ons verkeerd en dit is nodig om bietjie weer oor hierdie saak te dink.

Stel jou voor dat jy is 'n pasiënt wat 'n afspraak by die dokter gemaak het. Die belangrikste ding wat die dokter vir jou kan doen is om vir jou 'n korrekte diagnose te gee van jou probleem. As die diagnose verkeerd is, dan sal die voorgestelde oplossing nie werk nie, en dit kan selfs jou probleem nog erger en slegter maak! Maar as die diagnose

korrek is, dan het die voorgestelde oplossing 'n baie goeie kans om die probleem op te los.

Dit is presies dieselfde in ons studie van die evangelie. As die diagnose van sonde korrek is, dan sal die ware evangelie die sonde probleem kan oplos, en ons sal volle versekering hê dat ons gered is. Maar as ons definisie van sonde verkeerd en onbybels is, dan sal ons idees oor die evangelie ook verkeerd en onbybels wees. Ons valse idees van die evangelie sal dan gebaseer wees op honderde jare van kerk-tradisie, en nie die Woord van God nie.

Die belangrike vraag is, “Wat is die aard en natuur van sonde waarvoor mense so skuldig is dat hulle moet sterf in vuur as hulle nie gered word deur God se genade nie?” Ons moet spesifiek wees in ons definisie van die aard en natuur van sonde sodat ons kan verstaan wat dit presies is waarvan die evangelie ons wil red. Wat is dit spesifiek waarvoor ons vergifnis nodig het? Wat moet herstel word sodat ons nie hoef te sterf nie?

Wat is ons grootste probleem?

“want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” Romeine 3:23

- (A) _____ Armoede
- (B) _____ Gebrek aan goeie opvoeding en onderrig
- (C) _____ Sonde

Maar die ware vraag is nou, “Hoe het ons almal gesondig?” Wat het veroorsaak dat ons ontbreek aan die heerlijkheid van God? Ons antwoord op hierdie vraag sal elke ander idee beïnvloed wat ons het oor die evangelie.

Ons weet dat Adam het vrywillig gekies om te sondig. Ons weet dat hy het skuldig geword aan sonde as gevolg van sy eie keuse. Maar wat van ons? Is ons skuldig as gevolg van Adam se sonde – omdat ons

gebore is as afstammeling van Adam? Is ons skuldig aan sonde omdat ons 'n gevalle, sondige natuur van Adam geërf het? Of is ons skuldig aan sonde omdat ons kies om sonde te doen net soos Adam?

Daar is basies twee antwoorde in Christelike geskiedenis om hierdie vrae te beantwoord. Ons noem dit sommer Definisie A en Definisie B.

Definisie A: Ons veroordeling voor God is as gevolg van “erfsonde”. Erfsonde beteken nie Adam se keuse om te sondig nie. Erfsonde beteken die toestand waarin ons gebore word as gevolg van Adam se sonde. As gevolg van Adam se sonde word ons almal gebore klaar skuldig aan sonde. Party mense leer dat ons is veroordeeld en skuldig aan sonde omdat ons sonde geërf het van Adam. Party mense leer weer dat ons is veroordeeld en skuldig aan sonde omdat ons gebore word as kinders van Adam, wie die hoof was van die mensdom. Party mense leer ook dat ons is veroordeeld en skuldig aan sonde omdat ons gebore word reeds geskei van God. Ons word gebore met 'n skeiding tussen ons en God en ons is skuldig aan sonde vir daardie skeiding. Ander mense leer weer dat ons is nie skuldig aan sonde vir enige van hierdie bogenoemde dinge nie, maar ons word gebore veroordeel en skuldig aan sonde omdat ons deel is van die gevalle mensdom.

Een punt waar al hierdie sienings saamstem is dat ons veroordeeld en skuldig aan sonde is omdat ons gebore word in die menslike familie. Ons sondeskuld en veroordeling is gebaseer op ons geboorte in 'n gevalle, sondige wêreld met 'n gevalle, sondige menslike natuur. Ons word verlore gebore omdat ons 'n gevalle, sondige menslike natuur geërf het. Al kies ons om baie verkeerde dinge te doen in ons lewe, is ons skuldig aan sonde hoofsaaklik as gevolg van ons geboorte, voordat ons enige keuses gemaak het. Sondeskuld bestaan binne ons voor keuses en selfs voor enige kennis. Sondeskuld bestaan

in ons voordat ons enige iets kan verstaan oor reg en verkeerd. Sondeskuld woon binne in ons as gevolg van ons geboorte in 'n gevalle, sondige mensdom.

'n Vraag om oor te dink: Wat is die voorgestelde oplossing vir hierdie probleem? Hierdie definisie van sonde is die rede waarom baie Christene glo in die noodsaaklikheid om babatjies te “doop” of met water te besprinkel. As ons verlore is as gevolg van ons gevalle, sondige natuur wat ons van geboorte reeds het, dan is dit verskriklik belangrik dat ons so gou as moontlik gedoop kan word om die sonde weg te was.

Definisie B: Hierdie definisie leer meeste van dit wat die vorige definisie van sonde leer behalwe vir een belangrike deel. Hierdie definisie leer dat toe Adam gesondig het was daar iets wat Adam se natuur verander het van 'n volmaakte, gehoorsame natuur na 'n onvolmaakte, selfsugtige natuur. Ons almal erf hierdie gevalle, sondige natuur van Adam, en dit beteken dat dit is meer natuurlik om te doen wat verkeerd en sleg is as om te doen wat reg en goed is. Die een groot verskil in hierdie definisie teenoor die vorige definisie is dat ons erf nie sondeskuld en veroordeling van Adam nie. Ons erf alles wat moontlik was vir Adam om vir sy kinders te gee, maar ons word nie gebore as veroordeelde, skuldige sondaars nie. Ons word eers veroordeelde, skuldige sondaars voor God wanneer ons persoonlik kies om teen God se geopenbaarde wil te rebelleer.

'n Vraag om oor te dink: Is dit nodig om babatjies te “doop” of te besprinkel in hierdie definisie van sonde?

Hierdie is die twee basiese definisies van sonde in die Christendom. Afhangend van watter definisie van sonde ons kies om te glo, sal die belangrike punte van geregtigheid deur geloof en die evangelie anders verstaan en verduidelik word. Hoe ons die definisie van sonde verstaan sal 'n groot invloed hê op wat ons glo oor regverdigmaking, heiligmaking en volmaaktheid.

Die eerste definisie, Definisie A, is wat meeste mense in die Christendom vandag glo. Dit is baie vroeg in die Christelike geskiedenis ontwikkel. Hierdie definisie is vanaf die vierde eeu die aanvaarde, ortodokse oortuiging van die meeste Christene. Dit was selfs die aanvaarde geloof tydens die Protestantse Hervorming van die sestiende eeu. Dit is onvermydelik dat hierdie oortuiging van sonde die heersende siening van die meeste kerke van vandag geword het. Maar soos dit geld met alles wat ons glo, moet ons die vraag vra: “Is hierdie idee gebaseer op die Skrif of op tradisie?” Baie leerstellings wat in die moderne Christendom aanvaar is, is nie gebaseer op die Skrif nie, maar op antieke tradisies. Ons vraag moet altyd wees: “Wat sê God?”

Hoe vreemd dit ook al mag klink, daar word op hierdie twee verskillende definisies van sonde twee verskillende evangelies gebou. Een evangelie probeer die probleem oplos waar ons as verlore sondaars gebore word en heelyd in 'n toestand van sonde leef. Die ander evangelie probeer die probleem oplos van 'n rebelse, opstandige wil en verkeerde keuses. Een evangelie fokus op die menslike natuur wat ons erf, terwyl die ander evangelie fokus op die karakter wat God in ons wil ontwikkel.

As ons seker wil wees dat ons die ware, Bybelse evangelie glo en uitleef, dan moet ons baie versigtig wees om slegs te glo wat die Bybel leer oor sonde. Ons moet ook seker maak om slegs te glo wat die Bybel leer oor hoe ons veroordeelde, skuldige sondaars voor God word. Nou is ons gereed om die Bybel te open om te leer wat dit vir ons sê.

LES 2

DIE GEVOLGE VAN SONDE EN DIE STRAF VAN SONDE

Voordat ons kan verstaan wat sonde in ons persoonlike ervaring is, moet ons terugkyk na wat gebeur het toe Adam en Eva in die begin van hierdie wêreld se geskiedenis gesondig het. Wat het God in daardie noodgeval gedoen toe al God se planne vir die mensdom verander is deur die keuses van Adam en Eva?

Wat was die straf van sonde?

“maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.”

Genesis 2:17

- (A) _____ Hulle sou pyn ervaar.
- (B) _____ Hulle sou nog lank lewe.
- (C) _____ Onmiddellike dood.

Dit is 'n vreemde vers, want ons weet dat Adam en Eva nie onmiddellik gesterf het nie. Tog was God baie duidelik dat onmiddellike dood die straf vir ongehoorsaamheid sou wees.

Waarom het Adam en Eva nie onmiddellik gesterf nie?

“die Lam wat geslag is” Openbaring 13:8

- (A) _____ God het vergeet wat Hy gesê het.
- (B) _____ Jesus se dood het die mens van die onmiddellike dood gered.
- (C) _____ God het besluit om die straf van sonde te verander.

Adam en Eva het nie gesterf op daardie dag wat hulle gesondig het nie, want die plaasvervanger is daardie dag tussen die doodstraf en Adam geplaas. Jesus Christus het Adam se plek ingeneem en persoonlik die boete vir Adam se sonde betaal deur aan die kruis te sterf.

Ellen White lewe kommentaar oor wat in die tuin van Eden in die gebeur het en skryf. **"Waarom was die doodstraf nie onmiddellik in Adam se geval toegepas nie? Omdat daar 'n losprys gevind was. God se eniggebore Seun het vrywillig die sonde van die mens op Hom geneem en versoening gedoen vir die gevalle mensdom... Dit was dieselfde oomblik toe die mens die versoekings van Satan aanvaar het en die dinge gedoen het wat God gesê het hulle nie mag doen nie, dat Christus, die Seun van God, tussen die lewendes en die dooies gestaan het en gesê: 'Laat die straf op My val. Ek sal in die plek van die mens staan. Die mense sal nog 'n kans hê'... Onmiddellik toe daar sonde was, was daar 'n Verlosser... Onmiddellik toe Adam gesondig het, het die Seun van God Homself as 'n offer vir die mens aangebied, en met net soveel krag om die straf te weerhou van die skuldiges soos toe Hy aan die kruis van Golgota gesterf het."** S.D.A. Bible Commentary, vol. 1, bl. 1082-1085.

Wat ons tot dusver geleer het, is dat Jesus se versoeningsdood Adam, Eva en die hele mensdom direk geraak het. Jesus het die boete vir Adam se sonde betaal, presies soos gespesifiseer is in Genesis 2:17. Sodoende het Jesus vir Adam, Eva en die hele mensdom nog 'n kans gegee om 'n verskillende besluit oor gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid te maak. Die lyding, siekte en dood van ouderdom wat Adam ervaar het, en ons almal ook ervaar, was die gevolg van sonde, en nie die straf van sonde nie. Die straf van sonde is deur Jesus Christus betaal. Adam het 'n lam geoffer en so getoon dat hy verstaan het dat die doodstraf betaal word deur Jesus. Maar die resultaat en gevolg van die sonde (of die vloek van die sonde) is tot vandag toe nog deel van die menslike bestaan.

Is alle dood as gevolg van sondeskuld?

“En in dieselfde tyd was daar mense teenwoordig wat Hom berig gebring het van die Galiléërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dink julle dat hierdie Galiléërs groter sondaars was as al die Galiléërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het—dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.” Lukas 13:1-5

- (A) _____ Hulle het gesterf weens hul persoonlike sondes.
- (B) _____ Hulle het gesterf omdat hulle slegter was as almal.
- (C) _____ Hulle het gesterf omdat hulle in 'n sonde vervloekte wêreld geleef het.

Hier sien ons dat hulle dood nie die direkte gevolg van hulle eie persoonlike sondes was nie. Hulle was nie meer skuldig as ander mense nie. Die dood wat hulle gesterf het, was nie die straf van sonde nie, maar die gevolg van sonde wat almal beïnvloed wat op hierdie aarde woon.

Is alle lyding as gevolg van sondeskuld?

"En toe Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat blind was van sy geboorte af. En sy dissipels vra Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is? Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word. " Johannes 9:1-3

- (A) _____ Die man was blind weens 'n wêreld vervloek met sonde.
- (B) _____ Die man was blind weens sy ouers se sonde.
- (C) _____ Die man was blind omdat hy voor sy geboorte gesondig het.

Jesus sê dat die man se blindheid nie die straf van sonde is nie, maar dat dit die gevolg is van die vloek van die sonde wat swaar rus op

die aarde en die mensdom. Daar is 'n duidelike onderskeid tussen die straf van die sonde en die gevolg van die sonde.

Wanneer kan ons die ewige lewe hê?

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe."

Johannes 5:24, 25.

Ons het die ewige lewe as ons in Jesus _____.

Let op dat ons die ewige lewe het wanneer ons glo – end it kan vandag wees! Maar selfs vir diegene wat glo en so reeds die ewige lewe het, hulle sal steeds sterf en hulle moet met die wederkoms van Christus uit die dood opgewek word. Hier het ons 'n duidelike onderskeid tussen die eerste dood, wat Jesus 'n slaap genoem het, en die tweede dood, waaruit daar geen opstanding is nie. Die eerste dood is die gevolg van die sonde op hierdie aarde, terwyl die tweede dood die straf vir sonde is. Ons kan nie die gevolge van sonde vryspring nie, maar ons kan die straf van sonde vryspring deur in God te glo. Dit beteken dat ons kan die ewige lewe hê, al moet ons steeds die eerste dood sterf. Nou kan ons verstaan dat die eerste dood (en alle lyding) nie die straf vir sonde kan wees nie. Dit is eenvoudig: Die ewige lewe beteken geen tweede dood nie, want dit is die tweede dood wat die straf vir sonde is. Lees 1 Johannes 5:12-13 vir verdere studie.

Opsomming: Dit beteken dat ons die basiese idee en konsep van sonde moet verdeel in twee afsonderlike dele: (1) Kwaad en boosheid van sonde, en (2) Sondeskuld en straf. Kwaad en boosheid van sonde sluit al die dinge in wat kom as 'n gevolg van sonde (soos lyding en die eerste dood). Sondeskuld sluit veroordeling en die tweede dood in. Ons het dus twee nagevolge van Adam se sonde: (1) Ons het die vloek van sonde – die natuurlike gevolge van sonde – wat mense, diere en die hele natuur ervaar en lei tot die eerste dood, en (2) ons het ook die

sondeskuld en straf wat net mense ervaar en wat lei tot die tweede dood.

Die versoening van Christus dek ook albei die gevolge en straf van sonde, maar op verskillende maniere. Die versoening van Jesus moet die sondeskuld hanteer deur dit te vergewe, en die slegte gevolge van sonde deur te herskep en herstel wat die sonde-vloek veroorsaak het. Vergifnis kan vandag ons s'n wees, maar die herskepping moet wag tot die wederkoms. Vergifnis is nie nodig vir die gevolge van sonde nie, maar slegs vir die skuld van sonde.

Die woorde “vergifnis”, “regverdigmaking”, “geregtigheid”, “heiligmaking”, “redding” en die “evangelie” praat dus veral oor die skuld en straf van sonde. Daar is 'n fundamentele verskil tussen die gevolge van die sonde en die straf van die sonde. Ons is nie skuldig, veroordeel of verlore omdat ons in 'n sondige wêreld gebore is nie. Ons het baie gevolge van Adam se sonde, insluitende fisiese gebreke en 'n gevalle, sondige natuur. Maar hierdie is nie die sonde waarvoor ons skuldig of veroordeel is nie. Die sonde waarvoor ons ewig verlore sal gaan, kom van iets anders, nie Adam nie, en dit sal die onderwerp wees van ons volgende studie.

Dit is die rede waarom daar geen skuld op 'n kat toegepas word wat 'n muis dood martel nie, maar ons 'n mens sal skuldig hou wat iemand gemartel het. Die kat volg eenvoudig sy instink - sy gevalle natuur - sonder enige kennis van reg en verkeerd, terwyl mense skuldig kan wees as gevolg van 'n bewuste keuse om verkeerd te doen. Alle diere en mense ly as gevolg van die gevolge van sonde, maar hulle word nie outomaties veroordeel as gevolg van daardie resultate nie. Sondeskuld is slegs van toepassing op morele verantwoordelikheid vir keuses wat gemaak word. Daar moet kennis en opsetlike rebellie wees vir sondeskuld om te bestaan.

LES 3

SONDE IS 'N KEUSE

Is dit regtig waar dat sondeskuld die gevolg is van 'n mens se eie, persoonlike keuse en nie die gevolg van ons geboorte as kinders van Adam nie? Leer die Bybel regtig dat sondeskuld en veroordeling kom van ons eie keuses, en nie van die feit dat ons in die menslike familie gebore word met die oorerflike gevolge van sonde nie?

Hoe weet ons wat sonde is?

"ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.... want sonder die wet is die sonde dood. En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe." Romeine 7:7-9

- (A) _____ Ons weet wat sonde is omdat ons dit kan voel.
- (B) _____ Ons weet wat sonde is omdat die wet ons vertel wat dit is.
- (C) _____ Ons weet wat sonde is omdat ons as sondaars gebore is.

Dit is 'n kennis van God se wet wat ons skuldige sondaars maak in God se oë. Ons sondig wanneer ons weet wat God se wil is en kies om nie aan God gehoorsaam te wees nie.

Wat het sonde veroorsaak vir die Jode in die dae van Christus?

" As Ek nie gekom en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen sonde hê nie; maar nou het hulle geen verskoning vir hul sonde nie... As Ek nie die werke onder hulle gedoen het wat niemand anders gedoen het

nie, sou hulle geen sonde hê nie. Maar nou het hulle dit gesien, en tog het hulle My sowel as my Vader gehaat." Johannes 15:22, 24

Dit was toe die Lig (Jesus) na hulle toe gekom het dat hulle skuldig geword het aan sonde. As gevolg van hul kennis van Jesus, en wat Hy gedoen het, was hulle verantwoordelik vir hulle keuses oor Jesus.

Wanneer was die Fariseërs skuldig aan sonde?

"Jesus antwoord hulle: As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde." Johannes 9:41

- (A) ____ Die Fariseërs was van geboorte af skuldig aan sonde.
- (B) ____ Die Fariseërs was regverdig.
- (C) ____ Die Fariseërs was skuldig aan sonde deur Jesus te verwerp.

Jesus leer vir die mense van Sy tyd dat daar geen skuld vir sonde is wanneer daar geen geleentheid is om die waarheid te ken nie. Die Fariseërs is beslis gebore met dieselfde gevalle, sondige natuur waarmee ons gebore word, maar dit het hulle nie outomaties skuldige sondaars gemaak nie. Jesus maak sondeskuld afhanklik van kennis en 'n begrip van die waarheid. Wat boosheid en sondes van onkunde in persoonlike sondeskuld verander, is wanneer waarheid beskikbaar en verstaanbaar word. As ons God se wil verstaan en kies om ongehoorsaam te wees, is ons skuldige sondaars in die oë van God.

Wanneer sondig ons?

"Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde." Jakobus 4:17

- (A) ____ As ons God se wil ken, dan kan ons skuldig wees van sonde.
- (B) ____ Al weet ons nie God se wil nie, kan ons steeds skuldig wees.
- (C) ____ Sonde het niks met kennis te doen nie.

Let weer op dat kennis en sondeskuld is nou aan mekaar gebind. As ons nie weet wat reg is nie, bestaan die konsep van sondeskuld nie.

Wat is die verskil tussen versoeking en sonde?

"Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort." Jakobus 1:14-15

- (A) _____ Ons sondig wanneer ons verlok word.
- (B) _____ Ons sondig wanneer ons versoek word.
- (C) _____ Ons sondig wanneer die begeerlikheid ontvang word.

Definisie A (sondeskuld as gevolg van ons sondige natuur) plaas sonde in die verlokking en versoeking van ons gevalle, sondige natuur, terwyl Definisie B (sondeskuld as gevolg van eie keuse) sonde in die keuse plaas om toe te gee aan die verlokking en versoeking. Die verlokking van die gevalle, sondige natuur is versoeking, en nie sonde nie.

'n Baie duidelike en eenvoudige illustrasie van hierdie teks word gegee deur Ellen White wat skryf: **"Die sonde van kwaadpraat begin met die koestering van bose gedagtes... 'n Onreine gedagte geduld, 'n onheilige begeerte gekoester, en die siel word besmet, sy integriteit is in gevaar gestel... Sy eie toestemming moet eers verkry word; die siel moet die sondige daad bedoel voordat hartstog en passie kan heers oor die redenasie magte, of ongeregtheid oor die gewete kan seëvier." Testimonies, vol. 5, bl. 177**

Dit is nie die onreine gedagte of die onheilige begeerte self wat ons skuldige sondaars maak nie. Dit is deel van ons gevalle, sondige natuur wat ons erf by ons ouers en daar is niks wat ons kan doen om dit te voorkom nie. Dit is die koestering, verdraagsaamheid en geduld van hierdie trekke van die gevalle, sondige natuur wat sonde is.

Twee ander aanhalings van Ellen White is net so duidelik: **"As daar lig kom en daardie lig tersyde gestel of verwerp word, dan kom die veroordeling en die frons van God; maar voordat die lig kom, is**

daar geen sonde nie, want daar is geen lig vir hulle om te verwerp nie." Testimonies, vol. 1, bl. 116. "Daar is gedagtes en gevoelens wat deur Satan voorgestel en gewek word, wat selfs die beste mens irriteer; maar as daardie gedagtes en gevoelens nie gekoester word nie, en as hulle gehaat en afgestoot word, is die siel nie besmet met skuld nie, en niemand word besoedel deur hulle invloed nie." Review and Herald, 27 Maart, 1888.

Ons is nie skuldig aan sonde omdat ons hierdie gedagtes en gevoelens as gevolg van 'n gevalle, sondige natuur het nie. Ons is slegs besmet met sondeskuld wanneer on skies om hierdie gedagtes en gevoelens te koester en te duld.

Vir watter sonde is ons verantwoordelik?

"Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie" Esegïel 18:20

- (A) _____ Ons is skuldig vir die sonde van ons vaders.
- (B) _____ Ons is skuldig vir ons eie kinders se sonde.
- (C) _____ Ons is skuldig vir ons eie sonde.

Hoe hanteer God sondes van onkunde?

"God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer" Handeling 17:30

Almal van ons het al verkeerde dinge gedoen en verkeerde gedagtes gekoester sonder dat ons geweet het dat dit verkeerd was. Ons het almal al onwetend God se wet oortree. God, in Sy groot genade, straf ons nie vir sondes van onkunde nie. Ellen White skryf: **"God se toorn bestraf nooit sondes van onkunde nie."** Signs of the Times, 1 November, 1899, par. 7. God kies om hierdie sondes van onkunde oor te sien, want ons harte was nie in opstand teen Hom nie. Wanneer ons egter bewus word van hierdie sondes van onkunde, dan is

hulle nie meer in onkunde nie en dan moet ons onmiddellik dit bely en daarvan bekeer.

Opsomming: Sondeskuld en veroordeling is slegs van toepassing wanneer ons kies om teen God te draai, net soos in die tuin van Eden. God hou ons nie verantwoordelik vir slegte toerusting (ons gevalle, sondige natuur) wat ons erf van ons ouers nie. God stel belang in die toestand van ons verstand en hart, nie in die probleme van ons menslike natuur nie. Sondeskuld gaan alles oor rebellie en keuses, nie oor erfnis en toerusting nie.

Daar is twee konsepte wat nie lekker saamwerk nie: onvermydelik en verantwoordelikheid. As sonde onvermydelik is – as gevolg van die erf van 'n gevalle, sondige natuur – dan is ek nie vir daardie sonde verantwoordelik nie. Dit is dan iemand anders se skuld en iemand anders se probleem. Maar as sonde my eie keuse is, dan is ek alleen verantwoordelik daarvoor en dan moet ek dit direk hanteer sonder om iemand anders die skuld te gee.

Sondeskuld bly slegs in die hoër vermoëns van die gedagtes van ons menslike natuur wat kan kies om verkeerd te doen, en nie in die laer deel van ons menslike natuur wat die gevolge van die natuurwet ondervind en wat deel uitmaak van die aarde se kringloop van sonde nie. Die wortel van sonde is selfsugtigheid. Sonde word dus altyd bepaal deur ons keuse om onself eerste te stel. Sonde is basies die keuse om onself van God te skei deur onself eerste te stel. Sonde is die keuse om dit wat sleg en verkeerd is te koester. Sonde is ook die keuse om in onkunde te bly rakende God se wil. Sonde is die keuse om onverskillig te wees oor ons vermoëns en verantwoordelikhede.

LES 4

WAT VAN ERFSONDE?

As die Bybel dan nie leer dat ons met sondeskuld gebore word as gevolg van ons gevalle, sondige natuur nie, waarom glo meeste Protestantse en Katolieke Christene dan in erfsonde? Soos met meeste ander foutiewe leerstellings, is daar sekere Bybelverse wat lyk asof dit die idee van erfsonde kan ondersteun. Hierdie vierde les sal na hierdie tekste kyk om te sien of dit regtig leer dat ons sondeskuld van geboorte af het.

Wat beteken 'in sonde'?

"Kyk, in ongeregtheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang." Psalm 51:7

Sê hierdie teks dat ons veroordeeld en verlore gebore is? _____

Let op dat Dawid nie sê dat hy van geboorte af 'n verlore, veroordeelde sondaar was nie. Sommige Bybelvertalings mag miskien so lees, maar dan is dit slegs 'n teologiese interpretasie en nie 'n korrekte vertaling nie. Waar anders kon Dawid gebore word, behalwe as in ongeregtheid en sonde? Sy moeder en vader was sondaars, en hy is gebore in pyn weens die sonde van Adam en Eva. Dawid was in 'n sondige wêreld in 'n huis met sondige ouers gebore. As 'n kind in 'n familie van diene gebore word, waar diefstal deur die ouers beoefen en geleer word, sal daardie kind in diefstal gebore word. Sou dit daardie kind outomaties ook 'n dief maak? Om in sonde gebore te word, maak jou ook nie outomaties 'n verlore en veroordeelde sondaar nie. Dit beteken wel dat ons omstandighede van geboorte af baie sleg is, en dat

ons omstandighede dit baie makliker vir ons maak om as skuldige sondaar op te eindig.

Is ons "kinders van die toorn"?

"... en ons was van nature kinders van die toorn" Efesiërs 2:3

Sê hierdie teks dat ons veroordeeld en verlore gebore is? _____

Hierdie teks sê duidelik dat ons gevalle, sondige natuur niks anders as toorn verdien nie. Ons gevalle, sondige natuur is nie goed nie, en die enigste regverdige oplossing is om hierdie slegte natuur te vernietig. Ons erfenis van Adam is beslis nie goed nie. Ons moet die Bybel 'n bietjie meer ondersoek vir 'n oplossing.

Word ons veroordeeld gebore?

"Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het" Romeine 5:18

Hierdie teks sê nogal duidelik dat alle mense weens Adam se sonde veroordeel word. Dit is presies wat die teks sê. Weereens moet ons die Skrif 'n bietjie meer ondersoek.

Daar is 'n paar unieke tekste in die Nuwe Testament wat handel oor Christus se werk vir die hele mensdom. Hier volg 'n paar van hierdie tekste.

Het Christus vir alle mense gesterf?

"as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het" 2 Korintiërs 5:15

(A) _____ Christus het vir net die regverdiges gesterf.

(B) _____ Christus het vir almal gesterf.

Christus se dood het alle mense geraak op 'n baie belangrike manier. Dit sluit Adam, Eva en self Kain en Adolf Hitler in. Almal was dood op 'n manier weens die versoening van Christus.

Watter ander tekste sê 'n soortgelyke ding?

"...die lewende God wat 'n behouer is van alle mense, insonderheid van die gelowiges." 1 Timoteus 4:10

"En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld." 1 Johannes 2:2

"naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie" 2 Korintiërs 5:19

Christus se verlossingswerk sluit nie net die sondes in van diegene wat berou het en in Christus geglo het nie, maar Hy het iets gedoen vir al die sondes wat ooit gepleeg is. Die versoeningswerk het die hindernisse vir gemeenskap en liefde verwyder. Met ander woorde, daar was geen hindernisse van God se kant om die mens te herstel na die eenheid en harmonie wat daar in Eden was nie. Die enigste hindernis sou van die mens se kant wees as ons sou kies om te weier wat Christus vir ons gedoen het.

Wat ontvang alle mense van Christus?

"Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe." Romeine 5:18

Nou keer ons terug na die teks wat die duidelikste spreek van die skade wat Adam aan die mensdom aangerig het, maar hierdie keer moet ons die hele vers lees. Hoeveel is weens Adam se sonde veroordeel? Alle mense. Wat van diegene wat nog nooit van Adam gehoor het nie en wat nog nooit van die Bybel-waarheid van die skepping en die sondeval gehoor het nie? Word hulle nog steeds gebore onder veroordeling? Alle mense - die hele mensdom - is wettiglik vernietig deur Adam se sonde. Ongeag kennis of keuse, is elke mens deur Adam se rebellie verdoem.

Maar is dit die hele verhaal? Reg in daardie een vers het ons die volledige prentjie. Nie alleen is alle mense deur Adam se sonde geraak nie, maar alle mense is ook deur Christus se lewe en dood geraak. Dieselfde 'alle mense' wat deur Adam se sonde gedoem is, is bevry van veroordeling deur Christus se geregtigheid. Om dit eenvoudig te stel, wat Adam aan die mensdom gedoen het, het Christus vir dieselfde mensdom ongedaan gemaak. Maar wat van diegene wat nog nooit van Christus en die Bybel-waarheid van die versoening gehoor het nie? Ontvang hulle steeds die gratis geskenk? Alle mense - die hele mensdom - is deur Christus se lewe en dood wettiglik met God versoen. Ongeag kennis of keuse, is elke mens versoen deur Christus se versoeningswerk.

Die woord 'regverdigmaking' in hierdie vers het die betekenis van 'vryspraak' – dit beteken die verwydering van aanklagte teen 'n mens. In Romeine 5 word die hele mensdom vrygespreek van die korrekte aanklag van rebellie wat teen die hele mensdom gemaak was. Met ander woorde, die mensdom - en dit sluit elke individu in - word nie meer veroordeel nie. Die totale veroordeling deur Adam word gekanselleer deur die totale vryspraak deur Christus. As gevolg van Adam se sonde, ly ons onder die gevolge en vloek van die sonde. Een van die dinge wat ons by Adam erf is ons gevalle, sondige natuur, maar dit op sigself beteken nie skeiding, veroordeling of om verlore te wees nie.

Opsomming: Nou kan ons die totale prentjie sien. As dit waar is dat ons almal deur Adam veroordeel word, is dit selfs meer belangrik dat ons almal deur Christus bevry word van daardie veroordeling. As die eerste deel waar is, dan is die wonderlike nuus dat die tweede deel net so waar is. Net soos Adam alle mense veroordeel het, het Jesus alle mense bevry van veroordeling. Beide vind plaas sonder persoonlike betrokkenheid of keuse, en albei op dieselfde oomblik. Alle mense het

'n tweede kans gekry om vir hulleself te besluit oor die gawe van persoonlike verlossing van sonde.

Sommige glo dat die tekste oor die eerste Adam genoeg is om te bewys dat ons almal onder veroordeling gebore is weens Adam se sonde. Maar daardie tekste alleen is nie genoeg nie. Wat regtig nodig is, (as dit regtig waar is dat ons as verlore sondaars in hierdie wêreld gebore is) is 'n duidelike vers in die Bybel wat ons veroordeel as gevolg van Adam se sonde. Sonder so 'n vers is daar geen ondersteuning vir die leerstelling dat ons as verlore, veroordeelde sondaars gebore word nie.

Die praktiese les van dit alles wat ons sover geleer het, is dat al word ons in 'n sondige wêreld gebore met 'n gevalle, sondige natuur, word ons nie as verlore, veroordeelde sondaars gebore nie. Ons word eers verlore, veroordeelde sondaars wanneer ons opsetlik kies om te sondig wanneer ons die verskil tussen reg en verkeerd ken. Ongelukkig is 'n hele valse evangelie gebaseer op die valse idee dat ons as verlore, veroordeelde sondaars gebore word. Hierdie valse evangelie verander die Bybelse leerstellings oor regverdigmaking, heiligmaking en ook ons huidige versekering van verlossing.

Maar met 'n korrekte diagnose van wat sonde werklik is, is ons vry om die Bybel verder te bestudeer om te verstaan hoe verlossing regtig werk. Die evangelie is vol goeie nuus van begin tot einde. Kom ons leer lekker saam verder!

LES 5

DIE WOORD HET VLEES GEWORD

Waarom moet ons nou die onderwerp bestudeer van hoe Christus in ons wêreld gekom het? Want feitlik alles wat ons moet weet oor verlossing en geregtigheid deur geloof kan geleer word deur 'n noukeurige studie van die lewe van Christus. Die meeste van die misverstande oor hoe iemand gered kan word, kan maklik opgeklar word deur te bestudeer hoe Christus in ons wêreld gekom het, hoe Hy daaglik geleef het en hoe Hy die versoekings van Satan weerstaan het.

Ons gaan die belangrikste onderwerp in die wêreld in die volgende vier lesse bestudeer. Watter soort mens was Jesus? Watter natuur het Jesus gehad? Hoe was Jesus soos ons en hoe was Hy anders as ons? Kan ons regtig soos Jesus leef, of is dit totaal onmoontlik vir ons?

Waarvandaan het Jesus gekom?

"Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie" Filippense 2:6

- (A) _____ Jesus het net soos God gelyk.
- (B) _____ Jesus was volkome God.
- (C) _____ Jesus was 'n engel.

Die eerste ding wat ons van Jesus moet verstaan, is dat Sy lewe nie as 'n baba in Betlehem begin het nie. Hierdie Bybelvers leer ons dat Jesus hoef nie te geprobeer het om gelyk met God te wees nie. Dit is

wat Lucifer probeer het en vir Lucifer was dit roof, maar vir Jesus was dit Sy reg. Johannes 1:1 vertel vir ons dat “die Woord was God.” As Jesus nie volkome God was nie, sou Sy offer op Golgota niks meer waarde gehad het as ‘n marteldood nie. Dan sou Jesus geen siel van veroordeling en dood kon red nie.

Wat het Jesus geword?

"maar het Homself ontledig deur die gestalte van ‘n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword" Filippense 2:7

- (A) _____ Jesus het net soos 'n mens gelyk.
- (B) _____ Jesus was 'n ware mens.
- (C) _____ Jesus het 'n engel geword.

Die tweede ding wat ons van Jesus moet verstaan, is dat Hy 'n ware, regte mens geword het. Hy het nie net in ons wêreld gekom nie, maar Hy het 'n mens geword wat die lewe net soos ons almal kon ervaar. Die oorspronklike Griekse frase lees letterlik “Homself leeggemaak”. Om 'n mens te word soos ons moes Jesus Homself leegmaak van sekere goddelike eienskappe wat Hy in Sy vorige bestaan as God vrylik beoefen het.

Wat het Jesus agtergelaat?

"Ek kan uit Myself niks doen nie." Johannes 5:30

- (A) _____ Jesus het al Sy goddelike kragte gebruik.
- (B) _____ Jesus het party van Sy goddelike kragte gebruik.
- (C) _____ Jesus kon uit homself niks doen nie.

Een wonderlike les wat ons van die menswording (inkarnasie) van Jesus leer, is dat Jesus Sy almag opsy gesit het toe Hy ‘n mens geword het. As Jesus werklik as ‘n mens sou leef en as ‘n mens sou optree, dan sou Hy nie as ‘n almagtige God kon optree nie. Hy moes leef en optree volgens die enigste manier wat dit vir normale mense moontlik is om te lewe. Wat ook al Hy op aarde gedoen het, het Hy op presies dieselfde

manier gedoen as wat ons almal dit kan doen. Aangesien ons nie spesiale krag oor die natuur en die lewe self het nie, het Hy van Sy magte afstand gedoen om die lewe net soos ons te ervaar.

Hoe het Jesus Sy wonderwerke gedoen?

"die Vader wat in My bly, Hy doen die werke... Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit" Johannes 14:10-12

- (A) _____ Jesus het wonderwerke gedoen deur die krag van die Vader.
- (B) _____ Jesus het geen wonderwerke gedoen nie.
- (C) _____ Ons kan nie doen wat Jesus gedoen het nie.

Dit is een van die wonderlikste stellings in die hele Bybel. Eerstens vertel Jesus ons dat die werke wat Hy verrig het nie deur Sy eie krag of vermoë gedoen is nie. Hy was afhanklik van die Vader vir Sy krag, net soos ons moet wees. Jesus het die uitoefening van Sy eie krag vrywillig gestop sodat Hy ons kon wys watter krag binne die bereik van elke mense is. Tweedens sê Jesus vir ons dat as ons in Hom glo, ons dieselfde werke kan doen as wat Hy gedoen het - en nog meer! Die bewys van hierdie belofte kan gesien word in die vele wonderwerke wat normale mense deur die hele Bybelverhaal gedoen het. Moses, Elisa, Petrus en Paulus het nie meer krag gehad as enige ander normale mens nie, maar God het merkwaardige wonderwerke deur hulle gedoen.

Het Jesus Sy vorige bestaan in die hemel onthou?

"En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense." Lukas 2:52

Waar___ Vals___ Jesus het as baba reeds alles geweet.

Om in wysheid te kan groei beteken dat daar 'n tekort aan wysheid is wat geleer moet word. Daarom kon Jesus, as 'n mens, nie

alwetend gewees het nie, ander sou dit mos nie nodig gewees het vir Hom om enige iets te leer nie. **“Die woorde wat Hy self deur Moses vir Israel gegee het, moes Hy nou self aan Sy moeder se knie leer... Hy het gegroei in kennis net soos ons kan doen... Hy wat alles gemaak het, het die lesse geleer wat Hy met Sy eie hand op aarde, see en lug geskryf het.”** The Desire of Ages, bl. 70.

Omdat geen mens enige herinnering van enige vorige bestaan het nie, het Jesus op dieselfde manier na ons aarde gekom en geleef sonder kennis van die verlede. Geleidelik het Jesus meer oor God en die verlossingsplan geleer. Geleidelik het Hy meer bewus geword van Wie Hy was en wat Sy missie was. As Jesus op Sy vorige bestaan kon staatmaak om versoekings te weerstaan, dan sou Sy daaglikse lewe en die hantering van menslike probleme totaal anders gewees het as ons situasie.

Het Jesus die toekoms geken?

"Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader."

Markus 13:32

Wie alleen het die toekoms geken? _____

In hierdie teks praat Jesus van Sy wederkoms. Terwyl Hy op aarde was, het Hy nie geweet wanneer Hy sou terugkom nie, omdat die Vader dit nie aan Hom geopenbaar het nie. Gedurende Sy lewe op aarde het Jesus nie die toekoms geken nie, behalwe wanneer die Vader die toekoms aan Hom geopenbaar het. Aangesien nie een van ons weet wat die toekoms inhou nie, het Jesus onder dieselfde omstandighede en kennis geleef as wat ons almal moet leef. Ellen White skryf: **“Die Heiland kon nie deur die portale van die graf sien nie.”** The Desire of Ages, bl. 753.

Wat het Jesus nog agtergelaat?

"Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel

uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie." Jesaja 53:2

- (A) _____ Jesus was baie aantreklik.
- (B) _____ Jesus het 'n pragtige huis gehad om in groot te word.
- (C) _____ Jesus se voorkoms was soos ander mense.

Jesus moes die majestueuse heerlikheid wat Hy as die Skepper gehad het agterlaat sodat die mense in Sy teenwoordigheid kon bestaan. Toe mense na Jesus gekyk het, het hulle niks fisies ongewoon aan Hom gesien nie. Die mense wat Hom gevolg het was as gevolg van Sy leringe, en nie as gevolg van Sy voorkoms nie.

Opsomming: Jesus het verskeie aspekte van Sy godheid opsy gesit toe Hy 'n mens geword het. Hy het gekies om nie die aspekte van Sy godheid te gebruik wat Hom as God van mens onderskei het nie. Hy het geleef as 'n mens saam met die mense. Dit was Jesus as 'n mens wat besluite geneem het en wat al die lewensprobleme tegemoet gekom en oorwin het. Dit is die geweldige risiko van Jesus se menswording.

Alhoewel dit korrek is om te sê dat Jesus nie opgehou het om God te wees toe Hy mens geword het nie, het Jesus daardie eienskappe opsy gesit waardeur Hy as God gefunksioneer het, sodat Hy as 'n mens kon lewe. Dit is juis hierdie punt van die wonderlike menswording van Jesus wat ons verstand te bowe gaan en ons trots verneder. Terwyl ons as mense altyd meer probeer wees as wie ons reeds is, het Jesus die teenoorgestelde gedoen deur die grootste deel van wie Hy was eenkant gesit het sodat Hy 'n mens kan word soos ons. Jesus het Homself waarlik "ontledig" of "leeggemaak" sodat Hy soos ons kan wees! Hy het ons swakhede en ons natuurlike onvermoë op Homself geneem. Die groot Skepper het 'n mens geword soos ons met beperkte vermoëns en moes afhanklik wees van Sy Vader vir alles wat Hy gedoen het.

Wat 'n geweldige geskenk het God vir ons gee in die lewe van Jesus! Gaan ons hierdie geskenk aanvaar en vir Hom ons swakhede en onvermoëns gee? Jesus is net so gewillig om ons krag en kennis te gee as wat Sy Vader bereid was om hierdie geskenke aan Hom te gee.

Motiveer Jesus se groot geskenk jou aan om jou hart aan Hom oor te gee?

LES 6

WATTER NATUUR HET CHRISTUS GENEEM?

Daar is baie debat oor die volgende vraag: “Toe Jesus mens geword het, het Hy ons gevalle, sondige natuur op Homself geneem, of het Hy Adam se perfekte natuur voor die sonde op Homself geneem?” Dit mag miskien vir jou na ‘n baie onbelangrike punt lyk, maar die waarheid is dat die antwoord op hier vraag hou regtig geweldige gevolge in vir die soort van lewe wat ons elke dag kan leef.

Watter soort mens was Jesus? Watter soort erfenis het Jesus van Maria ontvang? Was Hy vrygestel van die erfwette waardeur ons gebore word? Het Sy menslike natuur Hom versoek met sonde soos ons s’n?

Watter vlees het Jesus geneem?

"deur Sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur"

Romeine 8:3

Waar ___ Vals___ Jesus was in die gelykheid van die sondige vlees

Die eerste ding wat ons moet verstaan, is dat die woord “vlees” in hierdie vers, en in baie ander Nuwe-Testamentiese verwysings, die gevalle, sondige natuur beteken soos ons dit in ons eie gevalle, sondige natuur ken. Dit verwys na die basiese toerusting (liggaamlike kragte en vermoëns) wat ons almal erf as gevolg van Adam se sonde. “Sondige

vlees” in hierdie vers beteken die gevalle, sondige natuur waarmee ons almal gebore word.

Maar wat beteken dit as ons lees dat Christus gekom het “in die gelykheid van die sondige vlees”? Wat beteken “gelykheid”? Beteken dit “dieselfde” of “soortgelyk”?

In watter gestalte of gelykenis is Jesus gemaak?

"deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword" Filippense 2:7

- (A) _____ Jesus is gemaak soos die engele.
- (B) _____ Jesus is gemaak soos 'n prins.
- (C) _____ Jesus is gemaak soos enige normale mens.

Die woord “gelykheid” in Romeine 8:3 en die woord “gelyk” in Filippense 2:7 is dieselfde woord in die oorspronklike Griekse taal. So was Jesus soortgelyk aan mense gemaak, of het Hy 'n regte mense geword? Ons almal weet dat Hy 'n ware mens geword het toe Hy aarde toe gekom het. Maar rakende hierdie duidelike saak hoef ons nie eers ons gesonde verstand of afleidings te vertrou nie.

Hoe het Jesus na die aarde toe gekom?

"elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld." 1 Johannes 4:2-3

- (A) _____ Diegene wat glo dat Jesus in die vlees gekom het, is verkeerd.
- (B) _____ Die gees van die antichris sê dat Jesus in die vlees gekom het.
- (C) _____ Diegene wat uit God is, sê dat Jesus in die vlees gekom het.

Onthou dat “vlees” in die Nuwe Testament ons gevalle, sondige natuur beteken. Hier het ons duidelike bewyse dat Jesus nie net 'n ware mens van vlees en bloed was nie, maar dat Hy regtig ons vlees geneem het. In Filippense 2:7 lees ons dat Jesus aan die mens gelyk geword het. Dit beteken duidelik dat Jesus regtig 'n mens geword het. Die woord “gelykheid” en “gelyk” in hierdie verse beteken werklik “dieselfde”. In Romeine 8:3 lees ons dat Hy gekom het “in die gelykheid van die sondige vlees”. Het Jesus net gelyk asof Hy gevalle, sondige vlees het, of het Hy regtig gevalle, sondige vlees gehad?

Die “Expositors Greek Testament” lewer kommentaar op hierdie vers: “Maar die klem... lê op die gelykenis van Christus met ons, nie op sy ongelykheid nie;... wat hy (Paulus) daarmee bedoel, is dat God Sy Seun gestuur het in dieselfde natuur was in ons is en waarmee ons met sonde geïdentifiseer word” (Vol. 2, bl. 645-646). Dit volg net logies dat as ons die “gelyk” in Filippense 2:7 as ons werklike menslike natuur moet interpreteer, dan moet ons ook die “gelykheid” in Romeine 8:3 as ‘n werklike gevalle, sondige vlees moet interpreteer.

Wat het Jesus nou eintlik geneem?

"Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword" Hebreërs 2:14

Waar___ Vals___ Jesus het nie ons vlees en bloed geneem nie.

Jesus het regtig dieselfde vlees en bloed geneem wat ons tydens ons geboorte ontvang. Hierdie debat oor die natuur van Christus behoort maklik met ‘n paar basiese vrae tot ‘n einde gebring te word. Was Jesus gebore met dieselfde 'vlees' waarmee ons gebore is? Leer die Bybel dat Jesus 'n spesiale vrystelling van ons 'vlees' gehad het sodat Hy 'n perfekte, volkome, sondelose natuur kon hê?

Hoeveel soos ons was Jesus?

"Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van

Abraham bekommer Hy Hom. Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word" Hebreërs 2:16-17

- (A) _____ Jesus het die natuur van engele aangeneem.
- (B) _____ Jesus het die natuur van Adam aangeneem.
- (C) _____ Jesus het die natuur van die saad van Abraham aangeneem.

As Jesus gekom het soos Sy broeders, soos die geslag van Abraham, hoef ons net die vraag te vra: “Watter natuur het die geslagte van Abraham almal ontvang?” Dit is duidelik dat hulle almal die gevalle, sondige natuur as erfenis ontvang het van hulle ouers. Die teks sê ook dat Jesus in alle opsigte soos Sy broers (die gelowiges) gemaak is.

‘n Ander geïnspireerde gedeelte ondersteun hierdie gevolgtrekking: **“Dit sou 'n byna oneindige vernedering gewees het vir die Seun van God om die natuur van die mens in te neem, selfs die natuur toe Adam nog in sy onskuld in Eden gestaan het. Maar Jesus het 'n mens geword toe die mensdom deur vierduisend jaar van sonde verswak is. Soos elke kind van Adam het Hy die resultate aanvaar van die werking van die groot erfenis-wet. Wat hierdie resultate was, word in die geskiedenis van Sy aardse voorouers getoon. Hy het met so 'n oorerflikheid gekom om ons hartseer en versoekings te deel, en om vir ons die voorbeeld te gee van 'n sondelose lewe.”** The Desire of Ages, bl. 49.

Wat is die gevolge vir ons van die erfenis-wet? Watter natuur het Jesus se voorouers geërf? Die antwoorde op hierdie vrae is tog so duidelik. Die enigste moontlik gevolgtrekking is dat Jesus gekom het met dieselfde oorerwing as wat Dawid en Abraham gehad het – ‘n gevalle, sondige natuur.

Opsomming: Daar is geen geïnspireerde bewyse dat Jesus slegs die fisiese gevolge van die sondeval, soos honger, swakheid, dors en sterflikheid, geërf het, maar nie die sondige versoekings van die vlees

geërf het nie. Hierdie kragte van die menslike natuur kan nie van mekaar geskei word nie. As die erfenis-wet geld, dan was dit heeltemal van krag. As ons sekere trekke van ons ouers ontvang, dan het Jesus ook seker trekke van Sy moeder ontvang, want sy was 'n regte mens en regte moeder. As ons nie glo soos die Katolieke dat sy sondeloos verwerk is nie (immaculately conceived), dan moet ons glo dat Maria dieselfde gevalle, sondige natuur gehad het wat alle mense besit, en dat sy daardie gevalle, sondige natuur aan haar Seun oorgedra het. Daar is geen geïnspireerde bewyse wat daarop dui dat die ketting van oorerflikheid tussen Maria en Jesus verbreek is nie.

Die enigste rede waarom hierdie duidelike Bybelse waarheid afgeskiet word, is omdat baie Christene glo dat om 'n gevalle, sondige natuur te hê beteken outomaties dat mens 'n veroordeelde, skuldige sondaar is. Daarom, volgens hulle, sou dit vir Jesus onmoontlik gewees het om 'n gevalle, sondige natuur van Maria te ontvang, want dit sou Hom dan ook 'n sondaar gemaak het, en dan sou Hy nie ons sondelose Verlosser kon wees nie. Dit is een van die hoof redes vir die leerstelling van die sondelose verwerking of bevrugting (Immaculate Conception) van Maria, omdat dit Jesus sal kan beskerm teen enige erfenis van 'n gevalle, sondige natuur. Dit is waarom baie Christene sê dat Christus "vrygestel" is van die normale erfenis-wette. Die ware probleem hier is 'n foutiewe definisie van sonde. Dit is hoekom ons hierdie reeks lesse oor die evangelie en geregtigheid deur geloof begin het met 4 lesse oor sonde. As ons die Bybelse definisie van sonde nie verstaan nie, kan ons die menswording van Christus nie verstaan nie, en sal ons 'n valse evangelie ontwikkel, gebaseer op valse idees en definisies oor sonde.

As Christus nie heeltemal soos ons geword het nie, sou Satan onmiddellik "Onregverdig" geroep het, en niks in die naam van geregtigheid sou bereik word om die basiese vrae in groot stryd te beantwoord nie. Om Jesus 'n volmaakte, sondelose natuur te gee, soos

Adam in Eden voor sy sondeval, ondermyn heeltemal die wonderlike oorwinning wat Jesus vir ons behaal het.

Waar lê die krag van ons versoekings? Ons weet goed dat dit is binne ons eie gevalle, sondige natuur. Christus weet uit ervaring wat dit beteken om van binne versoek te word. Ons kan oneindig bly wees dat Jesus nie die lelikheid van sonde probeer vermy het om nie in 'n sondige wêreld, aan sondige ouers, met 'n gevalle, sondige natuur gebore te word nie. Ons het inderdaad 'n Verlosser wat baie naby ons is. Hy het Homself nie in kwarantyn geplaas weg van die siekte van 'n gevalle, sondige natuur en net vir ons opdragte deur langafstand-kommunikasie gegee nie. Jesus het reg saam met ons in die geveg-sone ingestap. Hy neem ons hand en sal ons lei uit die vuil modder waarin ons vasgevang is, as ons net gewillig sal wees om Hom te aanvaar. Loof God vir so 'n Verlosser!

LES 7

GEEN SONDIGE GEWOONTES NIE

Dit is baie belangrik en vertroostend om te verstaan dat Jesus ons gevalle, sondige natuur aangeneem het toe Hy in ons wêreld gekom het. Daar is egter nog 'n aspek van die menswording wat ons moet bestudeer as ons reg wil verstaan hoe Hy geleef het terwyl Hy in ons wêreld was. Jesus was verskillend van ons op 'n hele paar maniere en dit is belangrik vir ons om hierdie verskille te verstaan sodat ons 'n gebalanseerde prentjie van Jesus se menswording sal hê. Baie valse leerstellings wat vandag bestaan oor die menswording van Christus kry gewoonlik hulle bestaan omdat een groep mense die maniere waarop Christus soos ons was oorbeklemtoon, en 'n ander groep weer die maniere waarop Hy anders as ons was oorbeklemtoon.

Waar het Christus vandaan gekom?

"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee... en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors" Jesaja 9:5

- (A) _____ Jesus se bestaan was in Betlehem.
- (B) _____ Jesus is ewig in Sy bestaan.
- (C) _____ Jesus se bestaan het 'n beginpunt.

Hierdie wonderlike teks leer self dat Jesus die Ewige Vader genoem kan word. Daar is verskillende idees hoekom dit so mag wees,

maar dit leer duidelik vir ons dat Jesus 'n ewige bestaan het, net soos die Vader. Dit is een van die grootste verskille tussen Jesus en ander mense.

Wat het Jesus besluit selfs voordat Hy nog gebore was? (Twee korrekte antwoorde)

"Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei... Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom—in die boekrol is dit van My geskrywe—om u wil te doen, o God." Hebreërs 10:5-7

- (A) _____ Jesus het besluit om God se wil te doen.
- (B) _____ Jesus het besluit om in 'n menslike liggaam gebore te word.
- (C) _____ Jesus het besluit om in die hemel te bly.

Hierdie teks word aangehaal uit Psalm 40:9, wat 'n profesie is dat Jesus deel van die mensdom sou word. Voordat Jesus Sy lewe op aarde begin het, het Hy gekies om gehoorsaam te wees aan die Vader. Die besluit wat ons neem wanneer ons tot bekering kom of wedergebore is, het Jesus geneem voordat Hy gebore was. Daarom is Hy gebore onder die beherende krag van die Heilige Gees. Hy was gebore as 'n wedergebore mens. Christus se wil van dus vanaf die baarmoeder af al aan God oorgegee, terwyl ons wil eers met die wedergeboorte aan God oorgegee word.

Wie het Jesus gekies as sy moeder?

"En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem." Lukas 1:31

Waar _____ Vals _____ Voordat Jesus in Maria se baarmoeder was het Hy reeds geweet wie Sy moeder was

Die engel is na Maria gestuur om vir haar te laat weet dat sy die aardse moeder van Jesus sou wees. Aangesien dit gebeur het voordat Jesus in haar baarmoeder verwek is, is dit duidelik dat Jesus deel was

van die hemelse beplanningsproses wat die maagdelike geboorte tot gevolg gehad het. Jesus het die merkwaardige voorreg gehad om Sy aardse ouers te kan kies!

Wie het die plek van 'n aardse vader vir Jesus ingeneem?

"En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu." Lukas 1:35

- (A) _____ Josef was Jesus se vader.
- (B) _____ 'n Engel was Jesus se vader.
- (C) _____ Die Heilige Gees het die plek van 'n vader vir Jesus ingeneem.

Geen mens het nog ooit die Heilige Gees as hulle vader gehad nie. Die waarheid van die maagdelike geboorte is een van die wonderlikste feite van die Skrif wat ons kan glo, alhoewel ons dit nooit kan verstaan nie.

Wat was die gevolg van hierdie wonderwerk?

"Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." Lukas 1:35

Waar _____ Vals _____ Jesus was heilig gebore.

Hierdie is seker die belangrikste verskil tussen Jesus en enige ander mens. Geen mens word heilig gebore nie, al word ons sonder sondeskuld gebore. Jesus was heilig van die eerste oomblikke van Sy bestaan in hierdie wêreld, en Hy het die res van Sy lewe lank heilig gebly.

Het Jesus ooit gesondig?

"Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom."

2 Korintiërs 5:21

Waar _____ Vals _____ Jesus het nooit gesondig nie.

Ons weet ook dat “**almal het gesondig**” (Romeine 3:23). Dit is nog ‘n duidelike verskil tussen Jesus en enige ander mens. Vanaf die eerste oomblikke van Sy lewe tot Sy dood het Jesus nie een keer toegegee aan die versoekings van Satan of aan die versoekings van Sy gevalle, sondige natuur nie.

Opsomming: Alhoewel ons nooit die menswording van Jesus volkome sal kan verduidelik nie, kan ons steeds ‘n paar basiese feite vasstel. Jesus se lewe was duidelik anders as al die ander mense wat in hierdie wêreld gebore is. Die belangrikste verskil vir die doeleindes van ons studie is dat Jesus gekies het om gehoorsaam te wees aan die Vader voordat Hy na ons wêreld gekom het, en daarom was hy was die eerste oomblik van Sy lewe onder die beherende krag van die Heilige Gees. Vir ons kan dit alles eers gebeur wanneer ons tot bekering kom en besluit om ons lewens aan God oor te gee.

Die praktiese verskil is dan dat Christus nie dieselfde sondige gewoontes ontwikkel het wat ons ontwikkel het toe ons kinders was nie. Hy het geen sondige gewoontes gehad nie, en dus nie ‘n karakter van ongehoorsaamheid en rebellie gehad nie. Alhoewel Hy ‘n gevalle, sondige natuur gehad het net soos ons, met dieselfde potensiaal vir ongehoorsaamheid as wat ons het, was Sy karakter van die eerste oomblikke van Sy lewe rein en heilig. Hy het altyd gekies om Sy karakter oor te gee aan die Vader.

Het Jesus dan enige onregverdigte voordeel bo ons gehad? Nee, glad nie! Ons kan dieselfde krag hê van die Heilige Gees as ons Hom toelaat om ons lewens te beheer. En ons kan ook dieselfde oorwinning oor sonde hê soos Jesus as ons kies om ons lewens aan God oor te gee. Ons kan Jesus se verbintenis met God en God se karakter hê deur die proses van die wedergeboorte. Dit is al wat God van ons vra. Hy vra ons nie om ‘n sondelose lewe te leef van geboorte tot die dood toe soos Jesus nie. Ons word net gevra om in Jesus te glo, om wedergebore te

word deur die Heilige Gees, en om Jesus die Here van ons lewens te maak in alles wat ons doen.

As Jesus egter nie dieselfde gevalle, sondige natuur as ons geërf het nie, dan gee dit vir Jesus 'n onregverdig voordeel bo ons. Dit maak nie saak watter keuses ons maak nie, ons kan nie ons gevalle, sondige natuur verander nie. Dit maak nie saak hoe volledig ons onself aan God oorgee nie, ons sal steeds nie die sondelose, volmaakte natuur hê wat Adam voor sy sonde gehad het nie. As Jesus se volmaakte gehoorsaamheid gebaseer was op die feit dat Hy 'n sondelose, volmaakte natuur gehad het, dan het Hy 'n voordeel gehad wat ons nooit kan hê nie. As volmaakte gehoorsaamheid beperk is tot diegene met 'n sondelose, volmaakte natuur, dan kan ons nooit volkome gehoorsaam wees nie. Een van Satan se belangrikste argumente in die groot stryd was dat God se wet onregverdig was vir gevalle, sondige mense, omdat hulle volgens Satan nooit die wet sal kan gehoorsaam nie. Die enigste manier waarop Jesus hierdie leuen van Satan kon ontbloot, was om die gevalle, sondige natuur op Homself te neem en God se wet in daardie gevalle, sondige natuur te gehoorsaam.

As gevolg van ons studie tot dusver kan ons tot die volgende gevolgtrekking kom: Aangesien Jesus se gehoorsaamheid aan God gebaseer was op die beherende krag van die Heilige Gees oor Sy lewe, dan kan ons ook kies dat die Heilige Gees beherende krag oor ons lewens hê, en dan kan ons ook lewens van totale gehoorsaam aan God leef. Ons kan dieselfde "voordeel" hê as wat Jesus gehad het!

LES 8

HOE WAS JESUS VERSOEK?

Ons kan nou 'n paar praktiese gevolgtrekkings maak gebaseer op die laaste drie lesse wat ons bestudeer het. Ons wil tog weet watter verskil hierdie kennis maak aan ons daaglikse lewe. Ons word elke dag versoek deur beide uiterlike en innerlike versoekings. Hoe help Jesus se lewe ons met ons daaglikse stryd om versoekings te weerstaan? Nou gaan ons hierdie lesse verbind met ons oorhoofse onderwerp van geregtigheid deur geloof en die evangelie.

Hoe was Jesus versoek?

"Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde." Hebreërs 4:15

- (A) _____ Jesus was versoek op dieselfde maniere as ons.
- (B) _____ Jesus het nie gesondig nie, want Hy was nie soos ons versoek nie

Ons begin hierdie studie met die belangrikste vers oor hierdie onderwerp. Hier kan ons duidelik sien dat ons Hoëpriester baie naby aan ons is, en dat Hy medelye en simpatie met ons stryd het. Jesus het teen dieselfde swakhede as ons geveg en daarom verstaan Hy presies hoe ons voel. Jesus was in alle opsigte versoek soos ons versoek word. Meeste van ons versoekings kom uit die dryfkragte en impulse van ons eie gevalle, sondige natuur. As Jesus nie hierdie selfde gevalle, sondige

natuur op Hom geneem het nie, dan sou Hy nie in alle opsigte soos ons versoek kon word nie. Versoekings van selfsug, trots, woede, moedeloosheid, wellus, aptyt, onverskilligheid, rebellie en 'n hele klomp ander versoekings kom uit ons eie gevalle, sondige natuur. As Jesus teen hierdie versoekings geveg het, dan was dit nodig om 'n gevalle, sondige natuur soos ons te hê.

Hierdie teks leer vir ons dat Jesus sonder sonde geleef het, nie omdat Hy 90% van ons versoekings vermy het deur om in 'n sondelose, volkome natuur te kom nie, maar Hy het sonder sonde geleef al was Hy in alle opsigte versoek net soos ons. Hierdie moet 'n groot aanmoediging vir ons wees wat ons hele lewe lank moet veg teen 'n gevalle, sondige natuur wat ons probeer vernietig. Omdat Jesus dieselfde gevalle, sondige natuur oorwin het, het ons die hoop dat ons ook sonde en mislukking kan oorwin al word ons in 'n sondige wêreld met 'n gevalle, sondige natuur gebore.

Wat het Jesus nie gedoen nie? (Twee korrekte antwoorde)

"omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het." Johannes 5:30

"Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het." Johannes 6:38

"Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!" Lukas 22:42

(A) _____ Jesus het nie Sy eie wil gevolg nie

(B) _____ Jesus het gedoen soos Sy eie wil wou hê Hy moet doen

(C) _____ Jesus het die wil van Sy Vader gedoen.

Waarom sou dit vir Jesus nodig wees om hierdie woorde te sê as Sy eie wil volmaak en perfek was en vertrou kon word? Adam sou voor sy sondeval nie hierdie gebed hoef te gebid het nie, want sy wil en God se wil was in perfekte harmonie. As Jesus 'n volmaakte, sondelose natuur gehad het, dan sou ons mos verwag dat Hy Sy eie wil sowel as die wil van Sy Vader doen, want dit sou een en dieselfde gewees het.

Maar ons vind hierdie stelling van Jesus herhaaldelik gedurende Sy lewe op aarde. Jesus het duidelik 'n verskil gesien tussen Sy eie wil as mens en die Vader se wil in die hemel. As Jesus ons gevalle, sondige natuur gehad het, dan is hierdie woorde van Jesus baie maklik verstaanbaar. Ons wil is deel van ons gevalle, sondige natuur, en ons wil lei ons tot verkeerde keuses. Die waarheid is dat ons eie wil is die grootste probleem in ons stryd teen sonde elke dag. Slegs wanneer die wil aan God oorgegee word, dan kan ons gehoorsaam wees aan Hom. As die wil die oorgegee word nie, dan is leef ons lewens van ongehoorsaamheid. Dit is net wanneer ons ons eie wil kruisig dat ons 'n verhouding met God kan hê. Hierdie selfde woorde van Christus moet ook ons woorde wees elke dag: **“Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!”**

Die volgende stelling gooi nog so bietjie lig op hierdie onderwerp: **“Die menslike wil van Christus sou Hom nie na die woenstyn gelei het om daar te vas en deur die duiwel versoek te word nie. Die menslike wil van Christus sou Hom nie gelei het om vernedering, smaad, bespotting, lyding en die dood te verduur nie. Sy menslike natuur het net soos ons s'n van al hierdie dinge probeer ontsnap... Waarvoor het Christus geleef? Dit was vir die wil van Sy hemelse Vader.”** Signs of the Times, 29 Oktober, 1894.

Jesus se menslike wil en natuur, op hulle eie, was nie in oorstemming met die wil van God nie. Dit was die daaglikse werk van Christus om die menslike wil en natuur wat Hy van Sy moeder geërf het oor te gee aan God, en om eerder volgens die wil van Sy Vader te leef. Die daaglikse ervaring van Jesus met geregtigheid deur die geloof is presies die ervaring wat ons moet hê. Die belangrike aspek van ons daaglikse Christelike wandel is om ons wil en begeertes aan God oor te gee, en om ons gevalle, sondige wil te vervang met God se wil, en so sal die Heilige Gees dan in beheer van ons lewens wees. Dan sal al die ander dele van ons Christelike lewe redelik maklik in plek val. Dit is eintlik baie maklik om aan God gehoorsaam te wees wanneer ons wil aan Hom oorgegee is.

Jesus het na hierdie aarde gekom om ons te wys hoe ons ons swakhede en versoekings kan oorwin, en ons primêre swakheid is ons foutiewe wil. As Jesus regtig op ons vlak kom woon het, moes Hy leef soos ons leef. Jesus, ons Verlosser, het regtig dieselfde gevoelens, begeertes en versoekings as ons ervaar. Hy weet presies hoe die versoeking voel om teen God in opstand te kom, en daardie versoeking het vanuit Sy eie gevalle, sondige natuur gekom. Jesus het die stryd gestry net soos ons. Hy moes **“die stryd stry soos elke mensekind dit moet stry, met die gevaar om te misluk en ‘n ewige verlies.”** *The Desire of Ages*, bl. 49.

Waarom was Jesus versoek in hierdie manier?

"Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word." Hebreërs 2:18

- (A) _____ Jesus was versoek om Satan tevrede te stel.
- (B) _____ Jesus was versoek sodat Hy ons kan help.
- (C) _____ Ons weet nie hoekom Jesus versoek was nie.

Hy help ons deur ons te versterk en ook om ons aan te moedig. Jesus het die ergste, sterkste versoekings weerstaan om vir ons ‘n weg uit mislukking en wanhoop te wys. Hy het op ons vlak kom woon om vir ons hoop te gee. As gevolg van Jesus se oorwinning oor Sy eie wil en Sy eie gevalle, sondige natuur, kan Hy ons help wanneer ons deur dieselfde stryd gaan.

Wat moet ons houding wees?

"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word." Hebreërs 4:16

- (A) _____ Ons moet bang wees om God te nader.
- (B) _____ Ons weet nie of God ons wil help nie.
- (C) _____ Ons weet dat ons genade en hulp by God kan vind.

Omdat Christus 'n mens net soos ons was, en omdat Hy ons daaglikse stryd teen versoekings en sonde ondervind het, kan ons die volle vertroue hê dat ons in Jesus se naam die troon van God kan nader en weet ons ook dat ons behoeftes daar voorsien sal word. Omdat Christus ons gevalle, sondige natuur geneem het en in alle opsigte soos ons versoek was, hoef ons glad nie te vrees nie, en kan ons weet dat daar antwoorde is vir al ons probleme wat onoplosbaar lyk.

Opsomming: Jesus het sonde oorwin deur afhanklik te wees van die krag van Sy Vader. Hy het nie Sy eie krag, of die krag van 'n sondelose, volmaakte natuur gebruik nie. **“Hy het geen krag uit Sy eie gebruik wat nie ook tot ons beskikking is nie.”** *The Desire of Ages*, bl. 24. Die krag van 'n sondelose, volmaakte natuur is nie tot ons beskikking nie. Dit was natuurlik vir Adam om te doen wat reg is. Vir ons is dit natuurlik om te doen wat verkeerd is. As Jesus die krag van Adam se sondelose, volmaakte natuur gehad het, dan sou dit 'n krag gewees het wat nie tot ons beskikking is nie.

Jesus se oorwinning oor sonde was merkwaardig en belangrik, nie omdat Hy 'n God was wat soos 'n God opgetree het nie, maar omdat Hy 'n mens was wat gekies het om nie soos ander mense op te tree nie. Jesus het die lewe geleef wat volgens Satan onmoontlik is om te lewe. Hy het die lewe geleef wat veronderstel was om onmoontlik te wees. As Jesus 'n sondelose lewe geleef het sonder dat Hy 'n gevalle, sondige natuur gehad het, dan sou die vraag “Wat bewys dit?” nooit beantwoord gewees het nie.

As Jesus 'n sondelose, volmaakte natuur geneem het, dan sou Hy die kloof en gaping tussen God en die mens oorbrug het, maar die kloof en gaping tussen die sondelose mens en sondige mens sou nog steeds daar wees. As Jesus egter ons gevalle, sondige natuur geneem het, dan het Hy die hele kloof en gaping van die sondige mens oorbrug in die mense se dringende behoefte aan God.

Die praktiese gevolge van hierdie studie is dat ons nou weet hoe verlossing werk. Ons kan geregtigheid deur geloof ervaar deur na Christus te kyk. Hy het versoekings weerstaan en sonde oorwin deur daaglikse oorgawe en gebed. Hy het toegelaat dat die Heilige Gees die daaglikse besluite van Sy lewe beheer. Elke mens op hierdie aarde kan net soos Jesus toegang tot dieselfde krag van God kry. Christus **“het hulp gekry van die troon van God, en daar is nie ‘n man of vrou wat geloof beoefen wat nie toegang tot dieselfde hulp sal kry nie. Elke mens kan deelagtig word in die goddelike natuur.”** Selected Message, boek 1, bl. 409.

Ons Verlosser en Here is ons plaasvervanger en ons voorbeeld. Hy gee vir ons die versekering van verlossing en ook die krag om sonder sonde te kan leef. Hy het gewys dat ons nie meer in opstand en rebellie hoef te leef nie. Jesus het bewys dat die onmoontlike moontlik is by God. As gevolg van Jesus is daar hoop vir ons toekoms. As gevolg van Christus se oorwinning in ons gevalle, sondige natuur, is die weg nou oop vir God om die onmoontlike in ons lewens te doen. Wat vanuit ons menslike perspektief totaal onmoontlik is, is bloot God se geleentheid om weer die onmoontlike te doen.

As ons regtig wil weet wat geregtigheid deur geloof is en hoe dit werk, dan moet ons net versigtig kyk na die lewe van Jesus Christus. Die probleme en gejaag van die wêreld trek so maklik ons aandag weg van Jesus en Sy lewe. Is dit jou begeerte om meer tyd te maak elke dag om na die lewe van Jesus te kyk?

LES 9

REGVERDIG VERKLAAR DEUR CHRISTUS

Ons is almal skuldige sondears. Nie as gevolg van ons geboorte, of erfenis of ongeluk nie, maar as gevolg van ons eie keuses om dinge op ons eie manier te doen in plaas van op God se manier. God se manier is die enigste manier van ware geluk en vrede. Dit beteken dat almal van ons, ongeag hoe opgevoed of slim ons is, is veroordeelde, verlore sondears. Dit is eers as ons hierdie basiese feit van die lewe in 'n gevalle, sondige wêreld herken, dat ons enige hoop op iets beters het. Deur ons eie keuses verdien ons om vir ewig uitgesluit te word uit die lewe wat oorspronklik vir die mensdom beplan is. Dit is eers wanneer ons ons desperate situasie besef dat ons na God sal uitreik vir verlossing uit ons hopelose toestand. In die volgende vier lesse sal ons God se oplossing vir ons baie ernstige probleem bestudeer. God het 'n uitweg vir ons dilemma gegee, en ons wil 100% seker wees dat ons Sy oplossing volg, eerder as 'n menslike oplossing wat ons goed laat voel terwyl ons eintlik op die pad na die dood is.

Hoeveel mense het gesondig?

"want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God" Romeine 3:23

Waar ___ Vals ___ Meeste mense het gesondig, maar nie almal nie

Die Bybel leer vir ons op verskillende maniere dat elke mens 'n skuldige sondear is, wat regverdiglik skeiding van God verdien, en dit

beteken die dood. Niemand van ons kan sê dat ons goed of regverdig is nie, dit maak nie saak hoe goed ons lewens miskien mag lyk nie. Diep binne ons karakters is die wortel van selfsug wat ons ons hele lewe lank al koester. Ons lewe vir onself wat presies die teenoorgestelde is van God se manier, en dit lei altyd tot vernietiging. Die enigste troos wat ons miskien kan hê is om te weet dat ons almal dieselfde probleem het en in dieselfde penarie verkeer.

Wat moet ek doen om gered te word?

"Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word" Handeling 16:31

- (A) _____ Ons word gered deur beter lewens te leef.
- (B) _____ Ons word gered deur in Jesus te glo.
- (C) _____ Ons word gered deur na 'n priester of predikant te gaan.

Omdat ons geen manier het om ons probleem op ons eie op te los nie, het God 'n uitweg gegee. God het ook Sy oplossing baie eenvoudig en duidelik gemaak, sodat niemand uitgesluit kan word om hulle nie slim of ryk genoeg is nie. Elke persoon, ongeag wat die omstandighede mag wees, kan hulp by Jesus kry. As ons bereid is om te glo dat Jesus geleef en gesterf het om ons te red, dan het ons die eerste stap geneem uit die hulpelose situasie waarin ons onself bevind.

Is daar verskillende maniere om gered te word?

"En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." Handeling 4:12

- (A) _____ Verlossing is slegs moontlik deur die lewe en dood van Jesus.
- (B) _____ Daar is baie maniere om gered te word.
- (C) _____ As ons die beste doen wat ons kan, sal ons gered word.

Die Bybel is baie eksklusief as dit kom by verlossing. Die Bybel leer duidelik dat daar is slegs een manier om verlos te word: deur die lewe en dood van God se Seun, Jesus Christus. Geen mens, filosofie of

godsdien kan ons red nie. Dit maak nie saak hoeveel miljoene of biljoene 'n ander manier van verlossing soek of volg nie, daar is geen ander weg om gered te word behalwe God se weg nie. Al die ander oplossings vir die probleem van sonde is doodloopstrate en lei net tot vernietiging.

Wat van daardie mense wat nog nooit van Jesus gehoor het nie?

"God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer" Handeling 17:30

- (A) _____ Mense wat nooit van Jesus gehoor het nie is almal verlore.
- (B) _____ God gee nie om as ons onkundig is nie.
- (C) _____ God hou ons nie verantwoordelik vir wat ons nie weet nie.

Ons dien 'n baie liefdevolle, barmhartige en regverdige God. Alhoewel die lewe en dood van Jesus die enigste manier is om gered te word, hou God nie individuele sondaars verantwoordelik vir die onkunde en gebrek aan kennis nie. Hy sal die omstandighede van 'n persoon se lewe in ag neem, veral met betrekking tot die lig of waarheid wat vir daardie persoon beskikbaar is. As iemand lewe volgens die lig wat hulle het en God so gehoorsaam met daardie beperkte begrip van God, dan sal Jesus se versoeningsbloed daardie persoon bedek, solank as wat daar 'n opregte en volkome toegewydheid is.

Wat is regverdigmaking? (Twee korrekte antwoorde)

"Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke: Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtighede vergewe en wie se sondes bedek is. Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie." Romeine 4:6-8

- (A) _____ Regverdigmaking is vergifnis
- (B) _____ Regverdigmaking is geregtigheid wat aan ons toegeskryf is.
- (C) _____ Regverdigmaking is die vryheid om aan te hou sondig.

Die eerste ding wat ons moet verstaan oor regverdigmaking is dat God ons sondes vergewe. Aangesien ons niks kan doen om ons vorige verkeerde keuses te verander nie, vergewe God ons (kwytskelding). Ons is dan nie meer skuldige sondaars nie. Hierdie is die verklarende aspek van regverdigmaking. Om geregverdig te word, is om vergewe te word, vrygespreek te word, en om as regverdig beskou te word. God verklaar dat ek vergewe is sonder dat ek enige werke gedoen het om daardie vergifnis te verdien.

Hoe was Abraham geregverdig? (Twee korrekte antwoorde)

"Want as Abraham uit die werke geregverdig is, het hy iets om op te roem, maar nie teenoor God nie. Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken." Romeine 4:2-3

- (A) _____ Abraham kon roem in sy eie regverdiging.
- (B) _____ Abraham is geregverdig omdat hy in God geglo het.
- (C) _____ Abraham is as regverdig beskou.

Om goeie werke te doen, selfs die beste werke, kan nie vir ons regverdiging verdien of koop nie. Regverdiging is 'n gawe van God se genade en onverdiend. As ons in God se beloftes glo en as ons Christus se lewe en dood vir ons aanvaar, dan word ons as regverdig beskou. Ons word geregverdig en ons word regverdig verklaar.

Hoekom kan ons gered word?

"Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered" Efesiërs 2:4-5

Waar _____ Vals _____ Verlossing is heeltemal deur God se genade.

Die enigste kans wat enige een van ons op redding het, is die feit dat God liefde is. Slegs as gevolg van Sy barmhartigheid en genade teenoor ons, het ons enige hoop op verlossing van sonde. Al leer ons

baie oor regverdigmaking en heiligmaking moet ons altyd onthou dat redding is heeltemal uit genade alleen en onverdiend. Ons kan reageer en saamwerk met God se regverdigmaking van ons, maar ons kan nooit bydra tot ons regverdiging nie. Niks wat ons doen sal ons ooit red nie, nie eers ons geloof nie.

Wat is die gevolg van regverdigmaking?

"Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus" Romeine 5:1

Die groot gawe van regverdiging gee vir ons wat geen goeie werke kan doen nie – vrede met God. Sondeskuld is weg, vrees is weg en onsekerheid is weg. Dit word alles vervang deur vrede en vreugde, omdat ons ter wille van Christus as regverdig beskou word.

“Vergifnis en regverdigmaking is een en dieselfde ding. Deur geloof gaan die gelowige oor van die posisie van ‘n rebel, ‘n kind van sonde en Satan, na die posisie van ‘n lojale dienskneg van Christus Jesus, nie omdat daar enige goedheid en regverdigheid was nie, maar omdat Christus die gelowige as Sy kind deur aanneming ontvang... Die genade van Christus is vrylik beskikbaar om die sondaar te regverdig sonder enige verdienste, werke of aanspraak van die sondaar se kant. Regverdigmaking ‘n om heeltemal, ten volle vergewe te word van sonde. Dieselfde oomblik wanneer ‘n sondaar vir Jesus aanvaar deur geloof, daardie selfde oomblik word die sondaar vergewe van sonde. Die geregtigheid van Christus word aan die hom toegereken, en hy moet nie meer God se genade om te vergewe betwyfel nie.” SDA Bible Commentary, vol. 6, bl. 1071

Regverdigmaking deur geloof is die mees basiese beginsel van die evangelie. Dit is die kern van verlossing. As ons nie regverdigmaking ervaar nie, het ons geen hoop op redding nie. Regverdigmaking is aanneming in die familie van God. God verklaar ons regverdig.

LES 10

DIE ONDERVINDING VAN REGVERDIGMAKING

Net soos met al die ander belangrike aspekte van verlossing, het Satan 'n valse leer van regverdigmaking waar verlossing beloof word, maar daar geen ware verlossing van sonde is nie. Net soos daar in Paulus se dae valse evangelies versprei was asof dit die waarheid was, so het ons ook vandag valse evangelies wat beloftes maak wat hulle nie kan vervul nie. Baie opregte Christene kies om Satan se weergawe van die evangelie te glo omdat dit so goed klink. Wat is hierdie gewilde vervalsing van ware regverdigmaking? So eenvoudig as moontlik gestel: Dit beperk regverdigmaking tot wat ons in les 9 studeer het alleen. Dit beperk die regverdigmaking tot net God se verklaring dat ons regverdig is. Met ander woorde, dit neem slegs helfte van die waarheid oor regverdigmaking en gee voor asof dit die hele evangelie is. Baie Christene glo dat regverdigmaking beperk is tot slegs die verklaring van vergifnis van sonde en die verklaring dat ons regverdig is. In hierdie les sal ons sien dat daar 'n ander baie belangrike aspek van regverdigmaking is. Sonder die volle prentjie van regverdigmaking is ons idees oor regverdigmaking leeg en onbevredigend.

Wat is die tweede deel van regverdigmaking? (Twee korrekte antwoorde)

"nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; sodat ons,

geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe." Titus 3:5-7

- (A) _____ Regverdigmaking sluit die wedergeboorte in.
- (B) _____ Regverdigmaking sluit 'n vernuwing in.
- (C) _____ Regverdigmaking is slegs 'n verklaring deur Jesus.

Kyk mooi na hoe God ons red. Die was van die wedergeboorte verwys nie na die was van die waters van die doop nie, maar na die was van die hart. Dit is 'n harts-ervaring - 'n volledige transformasie. Dit gebeur in die gedagtes. Dit verander ons waardes en ons houding. Die Heilige Gees vernuwe ons gedagtes. Ons is nie meer self-gesentreerd nie; nou is ons Christus-gesentreerd en ander-gesentreerd. Nou het ons die gedagtes van Christus.

Wanneer hierdie was en vernuwing deur Christus en die Heilige Gees gedoen word, dan is ons geregverdig en gered. Daar is meer aan regverdigmaking as om net vergewe te word vir ons sondes van die verlede. Daar is regverdigmaking wat in die innerlike lewe ervaar word. Dit is belangrik om te verstaan dat die wedergeboorte en vernuwing deel van regverdigmaking is.

Hoe beskryf Jesus verlossing?

"Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." Johannes 3:3

Waar___ Vals _____ Die wedergeboorte vind plaas nadat ons gered is.

Jesus het nie die woord "regverdigmaking" so gereeld soos Paulus gebruik om die verlossingswerk te beskryf nie, maar Jesus was baie duidelik oor hoe ons gered word. Hy het gesê dat die wedergeboorte 'n noodsaaklike voorvereiste vir redding is. In Jesus se eenvoudige stelling is die regverdigmaking wat ons ervaar ook die nuwe geboorte of wedergeboorte. Die nuwe geboorte kom nie na regverdigmaking nie, dit is deel van regverdigmaking.

Wat beteken dit om “in Christus” te wees?

"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." 2 Korintiërs 5:17

- (A) _____ Om in Christus te wees, is net om nuut verklaar te word.
- (B) _____ Om in Christus te wees, is om nuut verklaar en nuut gemaak te word.
- (C) _____ Om in Christus te wees, is net om nuut gemaak te wil word.

Om in Christus te wees, is om gered te wees. Die mense wat “in Christus” is, is nuwe skepsels en nuwe mense. God skep 'n nuwe mens met nuwe motiverings en begeertes. Jesus vereenselwig hierdie proses met die wedergeboorte.

Wat moet met die “oue mens” gebeur?

"aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie... As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe" Romeine 6:6, 11

- (A) _____ As ons oue man gekruisig word, sondig ons minder.
- (B) _____ Die oue man word net as dood gereken.
- (C) _____ Die oue mens en sonde sterf saam.

Die ou mens is ons ou manier van leef, waarin selfsug en liefde vir self ons lewens regeer. Hierdie ou mens moet sterf en vervang word deur die nuwe skepsel wat in die nuwe geboorte deur Christus en die Heilige Gees voortgebring word. Let daarop dat om onself as dood te reken dieselfde is as om gekruisig te word. Om dood verklaar te word, is om eintlik gedood te word. En as die ou mens dood is, is die sonde terselfdertyd ook dood. Net soos die ou mens en sonde sinonieme is, so is die nuwe skepsel en gehoorsaamheid ook sinonieme. Regverdigmaking en gehoorsaamheid moet dus ook een en dieselfde ding wees. Dit is omdat ons nie altyd gehoorsaam is nie dat ons aan ons ervaring begin twyfel en wonder of ons regtig geregverdig is. Dit is hier

waar ons weer op die eerste helfte van regverdigmaking moet vertrou, want ons moet weet vergewe word vir sondes wat ons gedoen het.

Hoe hanteer God hierdie probleem van mense wat sonde doen? (Twee korrekte antwoorde)

"My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige." 1 Johannes 2:1

- (A) _____ Na die wedergeboorte kan sonde nie vergewe word nie.
- (B) _____ Dit is God se wil en plan dat ons nie moet sondig nie.
- (C) _____ Jesus sal ons vergewe as ons in sonde val.

As gevolg van God se groot genade, vergewe Hy ons steeds as ons sondig na die wedergeboorte en Hom om vergifnis vra. Maar ons moet nooit dink dat sonde onvermydelik is of dat bietjie sonde nou en dan geen probleem is nie, want die waarheid is dat God se wil en plan vir ons is dat ons nie sal sondig nie. Hy wil regtig hê dat ons dood moet wees vir sonde, en lewend moet wees vir gehoorsaamheid. Ons moet nooit glo dat omdat God gewillig is om ons te vergewe dat dit normaal is vir ons om te aanhou sondig nie. Daar is baie dinge wat God vir ons doen as gevolg van Sy liefde en barmhartigheid wat Hy wens nie nodig was om te doen nie, naamlik om ons voortdurend te vergewe sodat ons kan voortgaan om te sondig. God se verlossingsplan en regverdigmaking sluit in dat ons nuwe skepsels word, wat beteken dat ons dood moet wees vir sonde.

Wat is God se manier om hierdie doel te bereik?

"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was." Filippense 2:5

Waar _____ Vals _____ Ons kan regtig die gesindheid van Jesus hê

As hierdie vers regtig waar is, dan is daar 'n weg oop vir ons om deel te wees van God se plan. As ons daaglik met Christus wandel,

Hom aanskou en met Hom kommunikeer, dan sal ons deur 'n wonderwerk van die Heilige Gees regtig soos Christus begin dink, soos Hom begin besluite neem en soos Hom sonde oorwin. Dit wat onmoontlik gelyk het word dan 'n werklikheid! Ons moet meer tyd en energie spandeer elke dag om te leer hoe om die gesindheid van Christus te kan hê.

Addisionele studie: “God se vergifnis is nie bloot ‘n geregtelike daad waardeur Hy ons vrymaak van veroordeling nie. Dit is nie net dat Hy die sonde vergewe nie, maar Hy wen ons ook terug van die mag van sonde. Dit is die uitvloei van verlossings liefde wat die hart verander. Dawid het die ware idee van vergifnis gehad toe hy gebid het, ‘Skep vir my ‘n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ‘n vaste gees.’ Psalm 51:12.” Thoughts From the Mount of Blessing, bl. 114. God se vergifnis is meer as net ‘n verklaring, dit is ‘n terugneming, ‘n transformasie en ‘n vernuwing. Dit is ‘n skoon hart wat binne ons geskep word. Hierdie is nie heiligmaking nie. Hierdie is deel van vergifnis. Regverdigmaking is ‘n verklaring wat ons ook verander. Vergifnis is ‘n verandering en transformasie wat binne ons plaasvind.

“Nadat ons regverdig gemaak is deur die toegerekende geregtigheid van Christus, verklaar God ons as regverdig en Hy behandel ons as regverdig... ‘Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus’.” Selected Messages, vol. 1, bl. 394. Hierdie stelling stem nie saam met die huidige definisie van regverdigmaking in die Christelike wêreld nie. Hierdie stelling leer dat voordat God ons regverdig verklaar, maak Hy ons regverdig. Regverdigmaking deur geloof is om regverdig gemaak te word. Die huidige Christendom leer dat regverdigmaking is om regverdig verklaar te word, en om regtig regverdig te wees kom eers in heiligmaking. Maar wat hierdie studie vir ons gewys het is dat regverdigmaking is wanneer ons regverdig verklaar word en ook regverdig gemaak word.

“Soos die sondaar getrek word deur die krag van Christus en homself voor die kruis neerlê, word daar ‘n nuwe skepsel gevorm. ‘n Nuwe hart word aan hom gegee. Hy word ‘n nuwe skepsel in Christus Jesus... God self is regverdig en maak ook regverdig ‘wie uit die geloof in Jesus is.’ Romeine 3:16.” Christ’s Object Lessons, bl. 163.

Regverdigmaking is om ‘n nuwe hart van God te ontvang en ‘n nuwe skepsel te word. Daar is groot pogings in die wêreld om die transformerende krag van die Heilige Gees van regverdigmaking te skei; om transformasie heeltemal binne die proses van heiligmaking te plaas. Maar wat ons in hierdie stellings vind is dat transformasie deel van regverdigmaking is waarna God ons regverdig verklaar. Regverdigmaking is eenvoudig ‘n ander naam vir die wedergeboorte, die nuwe mens, die nuwe hart.

“Deur Christus se toegerekende geregtigheid te ontvang, deur die transformerende krag van die Heilige Gees, word ons soos Hy.” SDA Bible Commentary, vol. 6, bl. 1098. Let op dat toegerekende geregtigheid deur die transformerende krag van die Heilige Gees kom. Sommige wil vandag leer dat ons deur Christus geregverdig word, en deur die Heilige Gees geheilig word. Inspirasie ondersteun nêrens hierdie skeiding van die werk van Christus en die Heilige Gees nie. Albei is betrokke by regverdigmaking en heiligmaking. Dit is duidelik dat “toegerekende” meer beteken as net rekeningkunde en kredietverlening. **“Om vergewe te word soos Christus ons wil vergewe, is nie net blote vergifnis nie, maar ook om vernuwe te word in die gees van ons verstand. Die Here sê: ‘Ek sal julle ‘n nuwe hart gee’. ‘Die beeld van Christus moet in die verstand, hart en siel gestempel en gesien word.’” Review and Herald, 19 Augustus, 1890.**

Opsomming: Die eerste deel van regverdigmaking is waar Jesus verklaar dat Hy my sondes vergewe. Die tweede deel van regverdigmaking is die transformasie wat plaasvind saam met die wedergeboorte. Regverdigmaking is beide ‘n verklaring deur Jesus, en ook ‘n ondervinding in my lewe. Die huidige gewilde leerstelling onder Christene is dat regverdigmaking net Jesus se verklaring van vergifnis is.

Hulle leer dat die tweede deel, die wedergeboorte, deel van heiligmaking is. Dit beteken eintlik dat ons geregverdig en gered kan word selfs voordat ons wedergebore is. Dit gee die valse gedagte dat selfs al is daar geen verandering in ons lewens na die wedergeboorte nie, is ons steeds geregverdig en gered. Dit is hierdie onbybelse skeiding tussen om geregverdig verklaar te word en om geregverdig gemaak te word, wat meer skade as enige ander leerstelling doen om Christene toe te laat om te aanhou sondig en sonde te verdra. Die hartseer feit is dat baie Christene glo dat hulle geregverdig en gered is selfs wanneer daar onbelyde en onbekeerde sonde in hulle lewens is.

Die werklikheid van die saak is dat ons hier na twee heeltemal verskillende evangelies kyk, en ons moet kies wat ons gaan glo. Satan se valse evangelie is net so gevaarlik en vernietigend as sy valse aanbiddingsdag. Ons moet doodseker wees dat ons uit ons eie studie kan weet en ervaar wat die ware evangelie is, en dan kan ons saam met Paulus sê: “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo” Romeine 1:16.

LES 11

HEILIG VERKLAAR DEUR CHRISTUS

Regverdigmaking en heiligmaking is woorde wat ons gebruik om twee dele van die verlossings-proses te beskryf. Dit is van kritieke belang om hul verhouding teenoor mekaar te verstaan, en teenoor die toestand van iemand wat gered wil word deur die soendood van Jesus Christus. Watter rol speel heiligmaking in die reddingsproses? Twee verskillende evangelies bestaan as gevolg van twee verskillende antwoorde op hierdie vraag. Laat ons die geïnspireerde woorde van God oor hierdie onderwerp van heiligmaking ondersoek.

Wat beteken dit om iets 'te heilig'? (Twee korrekte antwoorde)

"En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak."

Genesis 2:3

- (A) _____ Adam het die sewende dag geheilig.
- (B) _____ God het die sewende dag geheilig.
- (C) _____ God seën wat Hy heilig maak.

Die mees eenvoudigste betekenis van heiligmaking is "om afgesonder te word vir heilige gebruik." Toe God die aarde en al die lewe daarop geskape het, het Hy die sewende dag afgesonder as 'n gedenkteken van Sy skeppingskrag. God het Sy spesiale seën op hierdie dag gesit omdat dit vir ewig afgesonder sou word vir die mensdom vir heilige gebruik.

Wie doen die heiligmaking?

"Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig." Eksodus 31:13

- (A) _____ God heilig ons.
- (B) _____ Die mens heilig homself.
- (C) _____ God en die mens doen saam die heiligmaking.

God het die Sabbat afgesonder as 'n heilige dag, en dit ook 'n teken gemaak dat nes God die Sabbat geheilig het, so sal Hy ook Sy mense heilig. God se volk is ook afgesonder vir heilige gebruik. Heel eerstens moet ons weet dat dit is God wat die heiligmaking doen. God het die Sabbat geheilig en Hy heilig ons ook. Dit is tans baie gewild onder sekere Christene om te glo dat terwyl God alleen die regverdigmaking doen, dat mens en God saam die heiligmaking doen. Ons moet verstaan dat in die verlossingsplan is dit God wat die werk doen van die begin tot aan die einde, regverdigmaking en heiligmaking. Dit is waar dat ons 'n rol het om God se reddingswerk te aanvaar. Ons glo Hom, ons aanvaar Hom, ons gee oor aan Hom en ons gee ons samewerking aan Hom. Maar al hierdie is slegs ons antwoord op God se genade. Nie een van hierdie dinge wat ons doen beteken dat ons verlossing verdien nie.

Watter rol het heiligmaking in die heiligdom gespeel?

"Jy moet ook die brandofferaltaar salf met al sy gereedskap, en jy moet die altaar heilig, en die altaar sal hoogheilig wees. Salf dan die waskom en sy voetstuk, en heilig dit... Trek Aäron dan die heilige klere aan; en salf hom en heilig hom, dat hy vir My die priesteramp kan bedien." Eksodus 40:10, 11, 13

Toe God die heiligdom-stelsel vir Israel gegee het was die eerste ding wat Hy gedoen het, voordat enige seremonies in die heiligdom gehou was, om die meubels en die priesters vir heilige gebruik af te sonder. Voordat daar in die heiligdom offers vir sonde gebring was, het God die altaar geheilig vir die heilige gebruik daarvan. En dit is belangrik

om daarop te let dat God Aäron op presies dieselfde manier geheilig het as wat Hy die altaar geheilig het. Dit was God se werk van begin tot einde. Van daardie oomblik af was die heiligdom en die priesters afgesonder vir heilige gebruik.

Hoe heilig God ons?

"En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God." 1 Korintiërs 6:11

- (A) _____ Heiligmaking is die gevolg van regverdigmaking.
- (B) _____ Jesus doen die regverdigmaking, en die Heilige Gees doen die heiligmaking
- (C) _____ Regverdigmaking en heiligmaking is die werk van Jesus en die Gees

Die persoon wat gewas is van hulle sonde, wat gereinig is deur die bloed van Jesus, wat geregverdig staan en vergewe is voor die aangesig van God, word ook in daardie selfde daad geheilig. As ons geregverdig en gewas word, word ons afgesonder vir heilige gebruik. God kyk na ons, nie in ons vuil sonde-klere nie, maar nou bekleed Hy ons met die suiwer geregtigheid van Christus. Hy verklaar dat ons heilig is of afgesonder is vir heiligheid. Net soos wat God verklaar dat ons geregverdig is, en van ons sondes vergewe is, so word ons ook deur God as heilig verklaar. Dit was net so dat die dief aan die kruis regverdigmaking en heiligmaking gehad het, omdat hy vir heiligheid afgesonder was. Dit is interessant om te sien hoe Paulus die "afwas" en "geheilig" voor die "geregverdig" plaas, moontlik om die punt te maak dat hulle regtig deel uitmaak van een reddingsproses.

Wat sê God oor diegene wat vergewe is?

"om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang." Handeling 26:18

Toe Jesus met Paulus gepraat het langs die pad na Damaskus, het Hy vir Paulus gesê dat dit sy missie sou wees om die heidene tot vergifnis van sondes en verlossing te bring. As die heidene sou draai van Satan na God, dan sou hulle geheilig word deur geloof in Christus (dieselfde geloof wat hulle sou regverdig). Soos vergifnis van sondes slegs moontlik is deur geloof in Christus se lewe en dood, is heiligmaking slegs moontlik deur dieselfde geloof in Christus. Beide regverdigmaking en heiligmaking word deur geloof ontvang, want albei is dade van God en vloei totaal uit God se genade. Dit is ook noodsaaklik om te verstaan dat beide regverdigmaking en heiligmaking noodsaaklike voorvereistes vir redding is. Die Bybel leer nie dat regverdigmaking ons red en heiligmaking dan later kom as 'n gevolg van redding nie.

Net soos die regverdigmaking op die oomblik van bekering deur God verklaar word, word heiligmaking ook op dieselfde oomblik deur God verklaar. Ons is afgesonder vir heiligheid, en God kyk na ons deur die heilige karakter van Jesus Christus. Dit is hoe ons volkome versekering van verlossing kan hê. Daar word dikwels gesê dat hierdie verduideliking van die evangelie ons die versekering van verlossing ontnem, maar dit is heeltemal vals. As die hart volkome oorgegee word en ons die kleed van Christus se geregtigheid dra, dan het ons ware vrede en versekering van verlossing, terwyl ons steeds in Christus bly groei.

LES 12

DIE ONDERVINDING VAN HEILIGMAKING

Wat ons in Les 11 oor heiligmaking bestudeer het, is nie die gewone verduideliking van heiligmaking wat geleer word nie. In hierdie les gaan ons die tweede aspek van heiligmaking ondersoek wat vir ons baie meer bekend is. As ons aan heiligmaking dink, dan dink ons gewoonlik aan die groeiproses waarin ons daaglik met Christus wandel nadat ons tot bekering gekom het. In hierdie les sal ons hierdie bekende aspek van heiligmaking bestudeer.

Wat is God se wil vir ons?

"Verder dan, broeders, vra en vermaan ons julle in die Here Jesus dat julle, soos julle van ons geleer het hoe julle moet wandel en God behaag, nog oorfloediger mag wees... Want dit is die wil van God: julle heiligmaking." 1 Tessalonisense 4:1, 3

Dit was baie belangrik vir Paulus dat die lidmate van die kerke wat hy gestig het, nie in hul beginfase van die Christenskap sou bly nie, maar dat hulle sterk Christelike karakters sou laat groei. Hierdie is die daaglikse wandel-aspek van heiligmaking. Heiligmaking is 'n ervaring van groei waarin ons meer en meer van God se wil leer en verstaan, en ons karakter ooreenstemmend groei met wat ons leer.

Hoe groei ons?

"En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die

heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is." 2 Korintiërs 3:18

- (A) _____ Ons groei deur harder te probeer.
- (B) _____ Verandering is baie moeilik.
- (C) _____ Ons word soos Jesus deur Hom te aanskou.

As ons tyd saam met God deurbring, sien ons al hoe meer van Sy heerlikheid, en word ons karakters meer en meer soos Sy karakter. Ons lewens weerspieël meer en meer van Sy heiligheid namate ons meer tyd in Sy teenwoordigheid spandeer. Heiligmaking is nie om harder en harder te probeer om te doen wat reg is nie. Heiligmaking is om kwaliteit tyd saam met Jesus deur te bring deur Bybelstudie, gebed en ons gedagtes op Hom te rig, sodat ons Jesus kan toelaat om ons te verander om meer en meer soos Hom te wees. Heiligmaking is om die Heilige Gees toe te laat om ons lewens en keuses te beheer, sodat Hy die wonderwerk van 'n heilige lewe in ons kan verrig. Waar ons selfsugtige wil voorheen sondige, selfsugtige keuses gemaak het, neem ons wil wat onder die beheer van die Heilige Gees is onselfsugtige, gehoorsame keuses.

“Gedurende elke stadium van ontwikkeling kan ons lewe perfek en volmaak wees; maar as God se wil in ons vervul word, sal daar voortdurend groei plaasvind.” (Christ’s Object Lessons, bl. 65).

“Heiligmaking is ‘n toestand van heiligheid, beide binne en buite, om heilig te wees en heeltemal aan die Here te behoort, nie in vorm nie, maar in waarheid.” (Our Higher Calling, bl. 214). Dit is belangrik om te verstaan dat ons nie groei tot heiligheid nie, maar dat ons groei in heiligheid. God stel ons in ‘n heilige toestand wanneer ons tot bekering kom, en ons hou aan groei in daardie heilige toestand. Solank as wat ons nie sonde toelaat om ons van God te skei nie, sal ons aanhou groei in heiligheid.

Wat was Paulus se daaglikse ervaring?

"Ek sterf dag vir dag" 1 Korintiërs 15:31

“Die heiligmaking van Paulus was ‘n konstante stryd met self, die eie-ek. Hy het gesê: ‘Ek sterf dag vir dag.’ Sy wil en begeertes was elke dag in stryd met plig en die wil van God. In plaas daarvan om die neigings van sy natuur na te volg, het hy die wil van God gedoen, maak nie saak hoe onaangenaam en moeilik dit ook al mag gewees het vir sy natuur nie.” (Testimonies, vol. 4, bl. 299). Die gevalle, sondige natuur word nie verwyder wanneer ons bekeer word nie, en die heiligmakings-ervaring is om daardie natuur, met die selfsugtige begeertes en neigings elke dag te kruisig. Dit is belangrik om te onthou dat die natuurlike begeertes en neigings slegs versoekings is, en nie sondes nie, alhoewel dit vanaf geboorte tot die dood by ons bly. Daar is ‘n eenvoudige punt om te verstaan oor verlossing: ons moet daaglik sterf en ons natuurlike begeertes en neigings kruisig. As ons dit doen, dan sal ons die versekering van verlossing hê, al verstaan ons nie noodwendig al die teologiese aspekte nie. Ons selfsugtige natuur moet elke dag gekruisig word, en 'n nuwe verbintenis moet gevorm word met die Here. Ongehoorsaamheid en selfsugtigheid is nooit deel van heiligmaking nie, en dit moet daaglik verwerp word as ons die gawe van heiligmaking wil behou.

Hoe kan ons die geheiligde lewe leef? (Twee korrekte antwoorde)

"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het." Galasiërs 2:20

- (A) _____ Heiligmaking is Christus wat in my woon.
- (B) _____ Heiligmaking is die kruisiging van die ou natuur.
- (C) _____ Heiligmaking is helfte my werk en helfte Christus se werk.

Dit is noodsaaklik om te verstaan dat heiligmaking nie ons goeie werke, of gedeelte van ons werke, saam met God se genade is nie. Nee, heiligmaking is God se werk alleen van begin tot einde. Dit is God se genade, God se krag en God se geregtigheid wat alles aan die gewillige dissipel geskenk word. Ons deel is om ons wil aan God se kant te plaas, en om seker te maak ons is beskikbare kanale waardeur Sy genade kan vloei.

Wat is die geheim van sukses?

"aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlijkheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlijkheid." Kolossense 1:27

Waar _____ Vals _____ Christus wat in ons woon, is ons enigste hoop vir sukses.

Die enigste manier waarop ons ware heiligmaking kan ervaar, is om Christus elke dag van ons lewens, deur die Heilige Gees, in ons te laat woon. Dit word 'n verborgenheid (mystery) genoem omdat so min mense in die wêreld, selfs onder sogenaamde Christene, dit werklik daaglik ervaar. Ons kan nie verduidelik presies hoe dit werk nie, maar ons kan dit ervaar, en dit sal die verskil wees tussen oorwinning en nederlaag in ons stryd teen sonde.

Opsomming: Net soos daar twee dele tot regverdigmaking is – om vergewe verklaar te word en om wedergebore te word – is daar ook twee dele tot heiligmaking – om heilig verklaar te word en om in heiligheid te groei. Die eerste deel is 'n verklaring, en die tweede deel is die ervaring. Dit is nie reg om vir mense te leer dat regverdigmaking die belangrikste deel van verlossing is omdat dit is wanneer God my regverdig verklaar en heiligmaking is sekondêr nie.

Vir regverdigmaking verwag God dat ons Hom sal glo, sal kies om Hom te dien, alles aan Hom oor sal gee en ons sondes sal bely. Dit is God se werk om ons te vergewe, ons regverdig te ag, ons te reinig van

die vuil klere wat ons deur die jare versamel het, en om 'n nuwe mens te skep wat ander waardes en begeertes as die 'ou mens' het.

Vir heiligmaking verwag God dat ons sal kies om Sy gebooie te gehoorsaam, ons gevalle, sondige nature aan Hom sal oorgee elke dag, en om te doen wat ook al God moontlik maak in ons lewens. Dit is God se werk om ons heilig te ag, voortdurend in ons te woon, ons wil die krag te gee om uit te voer wat ons gekies het, en ons die vermoë en krag te gee om Hom te gehoorsaam in al die areas waar Hy gehoorsaamheid vra. As God ons beveel om iets te doen, dan sal Hy ons ook in staat stel om dit te kan doen. Dit is dus maklik om te verstaan dat heiligmaking, nes regverdigmaking, is deur geloof alleen, en nie deur geloof plus werke nie.

Dit is nou baie gewild om te sê dat heiligmaking 'n vrug van die evangelie is. Met ander woorde, ons is verlos deur regverdigmaking alleen, en heiligmaking is net die vrug of gevolg van ons verlossing. Sodra ons verlossing "vooraf" klaar bereik is, dan gaan die proses van heiligmaking voort vir die res van ons lewens. Hierdie leerstelling stem nie ooreen met **2 Tesseloniese 2:13** nie: **"dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid"**. Hier word niks eers genoem oor verlossing deur regverdigmaking nie. Heiligmaking en geloof is die twee vereistes hier vir verlossing. Heiligmaking is deel van die verlossings-proses, nie iets ekstra nie. Dit is baie tragies dat die versoeningsdood van Christus en die werk van die Heilige Gees so verdeel word, sodat ons (soos sommige Christene ongelukkig leer) deur die werk van Christus geregverdig word en deur die werk van die Heilige Gees geheilig word. Regverdigmaking is nie op die een of ander manier belangriker as heiligmaking nie.

Heiligmaking is 'n belangrike deel van die verlossings-proses. Dit is deel van redding, en nie net 'n gevolg van redding nie. Baie mense dink

foutiewelik dat heiligmaking slegs 'n vrug van die evangelie is en daarom is dit nie noodsaaklik vir verlossing nie. Dit is lekker om heiligheid te hê, en dit sal uiteindelik kom, maar dit is nie nodig om gered te word nie. Om dit mooi eenvoudig te stel: Party mense glo dat slegs regverdigmaking ons red, en nie ook heiligmaking nie. Maar as heiligmaking 'n deel van die verlossings-proses is (eerder as net 'n vrug van die verlossings-proses) dan is heiligmaking noodsaaklik vir verlossing en vir 'n ware verhouding met God. Om self elke dag te kruisig soos Paulus is nie 'n gewenste vrug van verlossing nie, dit is 'n noodsaaklike deel van verlossing. Dit is nie iets wat maar net later gebeur nie.

Sonder heiligheid sal ons God nie sien nie. Heiligmaking is heiligheid verklaar en heiligheid ervaar. As ons nie 'n geheiligde lewe leef nie, dan is ons nie gered nie. Om heiligmaking as slegs 'n vrug van verlossing te beskou, beteken dat dit bloot iets “ekstra” is. Ons kan gered word sonder om volkome heilig te wees, maar God se Woord sê vir ons dat heiligmaking 'n noodsaaklike deel van die verlossings-proses is. Regverdigmaking en heiligmaking gaan saam in die verlossings-proses. Om hulle van mekaar te skei en een deel meer belangriker as 'n ander te maak is om die evangelie van Jesus te verdraai.

Die praktiese gevolg van die valse evangelie dat heiligmaking sekondêr tot regverdigmaking is, lei tot die gevolgtrekking dat sekere sonde in die lewe toelaatbaar is, al is ons gered en verlos. Maar die Bybel leer dat sonde ons van God skei (Jesaja 59:2). Wanneer sonde gekoester word, neem Satan beheer van die hart en dan word die Gees van God uitgedryf. Hoe kan ons dan dink dat ons gered en verlos is terwyl ons aan sonde vasklou? Om vir onself te jok en rasionalisering is belangrike komponente van Satan se pogings om ons te mislei tot 'n valse gevoel van veiligheid. Dit is net wanneer ons ons sondes bely dat ons deur God aanvaar sal word. Party mense sê dat hierdie waarheid oor die evangelie hulle baie moedeloos maak omdat hulle hulself so

dikwels in sonde bevind. In die laaste paar lesse van hierdie reeks sal ons bietjie dieper daarna kyk en bestudeer.

Ek sal die volgende praktiese voorstelle aanbeveel rakende ons persoonlike betrokkenheid by die regverdigmaking-heiligmaking-proses. **“Jy moet jou wil oorgee aan die wil van Christus, en soos jy dit doen, sal God onmiddellik beheer neem en in jou werk om Sy wil en Sy welbehae te doen. Jou hele natuur sal dan onder die beheer van die Gees van Christus gebring word; en selfs jou gedagtes sal aan Hom onderdanig wees. Jy kan nie jou impulse en emosies beheer soos jy wens nie, maar jy kan jou wil beheer, en jy kan ‘n totale verandering in jou lewe te werk bring. Deur jou wil aan Christus oor te gee, sal jou lewe saam met Christus in God beskerm word, en jou lewe sal gekoppel wees aan die krag wat bo alle owerhede en magte is.”**

(Testimonies, vol. 5, bl. 514). Al mag dit miskien vir ons moeilik wees om sekere teologiese verskille te verstaan, kan ons steeds hierdie doen: Ons kan ons wil aan Jesus oorgee. Ons kan Hom toelaat om ons lewens ten volle te besit. Ons kan Hom toelaat om Sy goeie werke in ons te doen. Slegs op hierdie manier sal ons krag hê om die versoekings van Satan en ons gevalle, sondige natuur te weerstaan. As ons ons wil net daaglik aan Jesus sal oorgee, dan sal ons krag ontvang bo enige iets wat ons kan verklaar, en dan hoef ons nie op ‘n valse evangelie te vertrou om ons ‘n valse versekering van verlossing te gee nie. God se weg is altyd beter as menslike maniere. Dieselfde evangelie van Abraham, Jesus en Paulus kan vandag ook ons evangelie wees!

LES 13

IS DIT REGTIG MOONTLIK OM VOLMAAK TE WEES?

“Volmaaktheid” en “perfek” is moeilike woorde. Wat beteken dit regtig? Wat beteken dit nie? Sommige meen dat dit ongesond is vir ons geestelik lewe om die onderwerp van volmaaktheid te beklemtoon. Maar miskien is 'n deel van die probleem dat ons nie ons terme duidelik gedefinieer het nie. Kom ons kyk 'n bietjie nader na hierdie onderwerp en sien of dit regtig so vreesaanjaend is as wat sommige mense dit beskou. 'n Moontlike rede waarom “volmaaktheid” so misverstaan word, is omdat daar vier verskillende betekenisse is.

Hoe word God beskryf?

"Want Ek, die HERE, het nie verander nie" Maleagi 3:6

Waar _____ Vals _____ God verander van tyd tot tyd.

Slegs God kan so beskryf word. Net God alleen hoef nooit Sy gedagtes of optrede te verander of aan te pas omdat Hy skielik nuwe inligting gekry het nie. Aangesien God alle dinge weet – in die verlede, hede en toekoms - is daar geen moontlikheid dat Hy verras sal word deur nuwe inligting nie. Geen geskape wesens, nie eers die engele, kan op hierdie manier beskryf word nie, want almal is onderworpe aan nuwe inligting wat hul idees en optrede sal verander. 'n Gebrek aan sekere inligting sal altyd lei tot verwronge of verkeerde gevolgtrekkings.

Hoe word Jesus beskryf?

"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."

Hebreërs 13:8

Waar _____ Vals _____ Jesus verander van tyd tot tyd.

Aangesien Jesus op dieselfde manier as God beskryf word, is dit duidelik dat Hy deel het aan hierdie unieke eienskap van God. Dit is ABSOLUTE VOLMAAKTHEID of om ABSOLUUT PERFEEK te wees. Dit beteken dat daar nooit 'n fout gemaak of 'n verkeerde keuse gebaseer op foutiewe inligting sal wees nie. Miskien het jy al dikwels gehoor dat mense nooit absoluut perfek of absoluut volmaak kan wees nie. Dit is korrek, want absolute volmaaktheid beskryf net God alleen. Daar is geen ander wese met absolute volmaaktheid nie. Ons maak foute wat nie noodwendig sonde is nie, soos wiskunde foute en spelfoute. Absolute volmaaktheid is dus nooit moontlik vir geskape wesens nie - nie vir mense nie en ook nie vir engele nie. **"Die engele se volmaaktheid het in die hemel misluk. Menslike volmaaktheid het in Eden misluk."** (Our High Calling, bl. 45).

Hoe was die mens geskape?

"En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape... Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed."

Genesis 1:27, 31

- (A) _____ Die mens is onvolmaak geskape.
- (B) _____ Die mens het baie ontwikkeling nodig gehad.
- (C) _____ Die mens is na God se beeld geskape - baie goed.

God het vir Adam en Eva geskape in die volle volmaaktheid van geskape wesens. Hy het die mens geskape na Sy eie beeld – so naby aan God as wat dit moontlik is vir geskape wesens om te wees. Hierdie is VOLMAAKTHEID VAN NATUUR. Die mens se natuur was in volle harmonie met God en res van die skepping. Die mens se liggaam en verstand het perfek saamgewerk. Die mens hoef nie enige teenstrydige

gevoelens en emosies te geveg het nie. Die mens se gevoelens, dryfvere en impulse was in perfekte harmonie met God se wet. Alles het perfek gewerk!

Wat sal met ons gebeur by die opstanding? (Twee korrekte antwoorde)

"So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid... in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word." 1 Korintiërs 15:42, 52-53

- (A) _____ Ons ontvang onsterflikheid tydens die opstanding.
- (B) _____ Ons ontvang onsterflikheid binne 'n oomblik.
- (C) _____ Ons ontvang onsterflikheid wanneer ons sterf.

Ons gevalle, sondige menslike natuur sal by die wederkoms van Christus deur God verander word in 'n perfekte, sondelose natuur. Dan sal daar geen meer versoekings voortkom uit ons eie menslike natuur nie. Die volmaaktheid van natuur, wat die verwydering van versoekings van ons eie binneste is, sal eers plaasvind by die wederkoms van Jesus. Ons kan nie 'n volmaakte natuur ervaar voor die wederkoms nie.

Hoeveel van ons hart wil God hê?

"En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand." Matteus 22:37

Waar _____ Vals _____ God vra vir ons hele hart en hele verstand

Dieselfde oomblik wat ons bekering ervaar, wanneer ons ons lewens volledig aan Christus oorgee, dan word ons in Christus as volmaak gesien. Die enigste ding wat God in die bekerings-proses van ons vra, is om vir hom ons hele hart te gee – 100%. Hy sal nie 'n verdeelde hart aanvaar waar ons God en die wêreld liefhet nie. Die een

voorwaarde waaraan ons moet voldoen om gered te word, is 'n algehele, totale, volkome oorgawe van ons hele lewe aan God. Hy sal niks minder aanvaar nie. Self al begin ons net ons lewe saam met Jesus aanvaar Hy steeds ons VOLMAAKTE KARAKTER-OORGAWE en word ons deur Christus as volmaak gesien.

Hoe openbaar 'n plant hierdie proses?

"Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar." Markus 4:28

Waar _____ Vals _____ Die halm is net so nodig soos die ryp vrugte.

Alhoewel 'n plant baie onvolwasse en klein is as die eerste groen lem bo die grond verskyn, is dit nie minder belangrik as die volgroeide plant nie. Sonder daardie eerste groei is geen oes later moontlik nie. Die klein lemmetjie is perfek, want dit is tog al wat daarvan verwag word. In elke groei-stadium kan die plant perfek en volmaak wees aangesien dit tot volwassenheid en volle grootte groei. Net so, wanneer ons karakters ten volle aan God oorgegee word, is dit 'n perfekte, volmaakte oorgawe op daardie tydstip in terme van die kennis wat ons op daardie oomblik beskikbaar het. Ons is ten volle oorgegee na die mate wat ons onself en God se wil vir ons verstaan. God sal die volle oorgawe aanvaar van alles wat ons op daardie tydstip van onself weet. Dan is ons karakter-oorgawe perfek en volmaak, want dit word deur God as volmaak gereken. Dit is ook die enigste vereiste vir redding, nou en ook in die toekoms. God vereis nie wysheid, opvoeding, rykdom of lewensjare nie, en dit word mooi geïllustreer in die verhaal van die dief aan die kruis.

Wat is God se plan vir ons?

"totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" Efesiërs 4:13

- (A) _____ God gee nie om of ons groei of nie.
- (B) _____ God verwag dat ons tot volle grootte moet groei.
- (C) _____ Ons kan nooit tot volle grootte groei nie.

Alhoewel God baie genadig is om ons tyd te gee om te leer en te ontwikkel, en Hy ons ook gedurende daardie tyd as volmaak ag, wil Hy steeds hê dat ons moet groei tot volle grootte en volwassenheid. Hy sê selfs dat ons kan groei tot die volle grootte van Christus. Die evangelie is 'n geweldige krag wat God bereid is om met ons te deel sodat ons hoogtes kan bereik wat ons nooit eers sou kon verbeel nie. 'n Volle grootte karakter of KARAKTER-VOLWASHEID is bloot die rypwording van die oes in die individuele lewe. Ons word volwasse in Christus wanneer ons nie meer kies om teen God te sondig nie. As Jesus wel in ons woon deur die proses van regverdigmaking en heiligmaking, dan beheer Hy ons lewens, en ons sal nie meer sondig nie omdat Christus nooit sondig nie.

Wat kan God in ons bereik? (Twee korrekte antwoorde)

"Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore."

1 Johannes 3:9

- (A) _____ God se plan is dat ons nie sal sondig nie.
- (B) _____ God weet dat party sonde is maar net onvermydelik.
- (C) _____ Die wedergeboorte maak dit moontlik om sonde te stop.

Hierdie idee kan op 'n eenvoudige, maar duidelike manier verduidelik word: Christus in, sonde uit. Sonde in, Christus uit. Ons kan nie Christus en sonde terselfdertyd op die troon van die lewe laat heers nie. Christus sal nie 'n verdeelde hart aanvaar nie. In 'n volwasse, volle grootte karakter is Christus in totale beheer, en daarom neem ons nie meer sondige keuses nie. Ons kies om nie teen God te rebelleer in gedagtes, woorde of optrede nie. Dit is hier waar ons fokus op wat God kan doen, nie op wat ons nie kan doen nie.

In ons definisies van “volmaak” en “perfek” het ons gevind dat die twee definisies wat belangrik vir ons studie is, ook die twee definisies is waaroor ons ‘n mate van beheer het. As ons glo dat sonde ‘n keuse is, dan sal ons ook glo dat ons kan kies om gehoorsaam te wees. Ons kan kies om oor te gee, en ons kan kies om tot volwassenheid en volle grootte te groei. Omdat Christus die krag vir oorwinning oor sonde bied kan ons ook weet dat ‘n volwasse, volle grootte karakter (net soos Jesus s’n) is moontlik vir elke Christus wat ‘n totale oorgawe maak aan Christus.

Die wedergeboorte bring volmaaktheid in Christus, en dit is altyd genoeg vir verlossing. Ons word gered deur ‘n gawe van Jesus op die voorwaarde van volkome, perfekte oorgawe aan Hom. Die ware probleem is dat ons ons oorgawe aan Christus onderbreek. Die een oomblik gee ons oor, en die volgende oomblik doen ons nie meer nie. Die krag van Christus wat tot ons beskikking is verander nooit nie, maar dit is ons oorgawe aan Christus wat nie konstant is nie. Die is die onderbrekings van ons oorgawe wat moet ophou en dit kan ophou. Ons moet Christus ten alle tye aan die beheer hê van ons lewe.

Ons sal ‘n sondige natuur hê tot die wederkoms van Jesus. Maar ons kan kies om nie keuses teen God se wil te maak nie. Ons kan ‘n volkome, sondelose karakter in ‘n gevalle, sondige natuur hê. As Christus deur die krag van die Heilige Gees die versoekings van Sy gevalle, sondige natuur kon weerstaan, dan is daardie selfde krag ook tot ons beskikking deur die Heilige Gees.

LES 14

OORWINNING OOR SONDE

Dit is belangrik om die definisies van “volmaak” en “perfek” te verstaan. Dit is egter selfs nog belangriker om in die Bybel te soek vir realistiese, praktiese maniere om te ervaar wat die Bybel belowe. Dit is hier waar ons ware geloof nodig het, ‘n volkome vertrouwe in God se Woord om te glo wat Hy sê al mag dit miskien onmoontlik klink. Ons weet genoeg van ons eie swakhede en mislukkings. Kom ons leer bietjie meer oor God se krag en God se beloftes.

Wat kan Christus doen? (Twee korrekte antwoorde)

"Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig" Judas 24

- (A) _____ Christus kan ons bewaar teen alle struikeling in sonde
- (B) _____ Christus kan ons nie van alle sonde bewaar nie.
- (C) _____ Christus kan ons sonder gebrek voor Sy heerlikheid stel.

Kan Christus ons regtig van sonde weerhou? Of is sonde eintlik sterker en magtiger as Christus? Onder die inspirasie van die Heilige Gees sê Judas dat Christus werklik in staat is om ons van sonde te weerhou! Om in sonde te val is dus nie ‘n onvermydelike aspek van ons lewens nie, maak nie saak wat ons ervaring in die verlede was nie. As Christus regtig in staat is om ons oorwinning te gee, dan hoekom gee ons Hom nie die kans om Sy krag in ons lewens te openbaar nie?

Hoeveel kan ons regtig doen?

"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." Filippense 4:13

Waar _____ Vals _____ Christus kan slegs party dinge doen

Glo ons regtig die beloftes van God? Is alle dinge regtig deur Christus moontlik? Is dit waar dat daar oorwinning oor sonde is? Let daarop dat dit slegs moontlik is wanneer Christus in ons woon deur die proses van regverdigmaking en heiligmaking.

Wat beloof God nog?

"die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos"

2 Petrus 2:9

- (A) _____ God sal enigiemand uit versoeking verlos.
- (B) _____ God sal die godsaliges (gelowiges) uit versoeking verlos.
- (C) _____ God sal die goddelose uit versoeking verlos.

Dit is belangrik om daarop te let dat God slegs diegene sal verlos wat na Hom kyk en Sy beloftes glo – Hy noem hulle die godsaliges. As ons werklik uit versoeking verlos word, beteken dit dat ons nie onder die versoeking geval het nie – ons het nie gesondig nie. Dit beteken dat dit is nie nodig dat ons moet toegee aan versoekings nie, want Hy kan ons verlos van versoekings. As ons gewillig is, dan sal Hy 'n manier voorsien om versoeking te weerstaan.

Hoe sal God ons verlos?

"Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra." 1 Korintiërs 10:13

- (A) _____ Sommige versoekings is te sterk vir ons.
- (B) _____ Daar is 'n manier om elke versoeking te weerstaan.
- (C) _____ Ek word meer versoek as ander mense.

God het belowe dat Hy nie versoekings sal toelaat wat te sterk is vir ons om te weerstaan nie. Dit beteken dat vir elke versoeking in ons lewens sal Hy 'n uitkoms voorsien. Daar is geen versoeking wat na ons toe kom wat sonde onvermydelik maak nie. God het belowe dat as ons op Hom vertrou, dan sal Hy 'n uitkoms vir elke versoeking gee.

'n Paar maniere om daardie uitkomst te vind kan maklik gedoen word as ons net bietjie tyd spandeer om daarvoor te dink. Bid ons onmiddellik wanneer versoekings kom, of wag ons maar eerder tot later? Het ons God se Woord, nes soos Christus, deel van ons lewens gemaak sodat ons Satan kan antwoord met "Daar is geskrywe"? 'n Liedjie oor Christus kan ons ook help om 'n uitkoms te vind. Die belangrike punt is dat ons fokus moet wees op die bron van krag, en nie die versoeking nie.

Hoe het Christus geleef?

"Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg; Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie;" 1 Petrus 2:21-22

- (A) _____ Christus het nie gesondig nie omdat Hy God was.
- (B) _____ Christus verwag nie dat ons soos Hy moet wees nie.
- (C) _____ Christus wil hê dat ons Hom moet volg deur nie te sondig nie.

Ons weet mos dat Christus 'n lewe sonder sonde geleef het, maar soms wil ons nie die feit erken dat Hy ook ons voorbeeld is en dat Hy ons vra om in Sy stappe te volg nie. Dit is natuurlik slegs waar as ons verstaan dat Christus 'n mens soos ons was met 'n gevalle, sondige natuur, dieselfde versoekings gevoel het, en ook dieselfde trekke van ons begeertes ervaar het.

Wat is moontlik vir ons?

"Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie." 1 Johannes 3:6

Waar _____ Vals _____ As ons in Jesus bly, sal ons nie sondig nie

As ons in Christus is, rebelleer ons nie teen Hom nie, en sonde is rebellie. As ons in Hom bly, sal ons nie sondig nie, omdat Hy nie in ons sal sondig nie. As Christus voortdurend in ons bly, sal Hy nie in ons sondig nie. Dus, solank ons in Hom bly, sal ons nie sondig in ons gedagtes, woorde of aksies nie.

Is dit regtig moontlik om sonde te oorwin?

"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het." Openbaring 3:21

- (A) _____ Net oorwinnaars sal in die hemel wees.
- (B) _____ Oorwinning is slegs moontlik in die hemel.
- (C) _____ Oorwinning was net vir Christus.

Christus is die voorbeeld om sonde te oorwin, en ons kan oorwin nes Hy oorwin het. Die Bybel is vol van hierdie beloftes, en ons moet nie hierdie beloftes ignoreer net omdat ons sonde in ons lewe vir verdedig nie.

Wat moet met ons gedagtes gebeur?

"terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus" 2 Korintiërs 10:5

- (A) _____ Meeste gedagtes is goed.
- (B) _____ Party gedagtes kan nie weerstaan word nie.
- (C) _____ Elke gedagte kan aan Christus oorgegee word.

Dit is een van die kragtige beloftes in die Bybel. God weet dat ons nie ons innerlike gedagtes kan beheer nie, en daarom bied Hy vir ons 'n manier aan om te oorwin. As ons net hierdie gedagtes onmiddellik aan Christus sal gee, beloof Hy om dit in gevangenskap te hou sodat dit ons nie kan beheer nie. Maar ons moet die besluit neem om daardie gedagte aan Christus oor te gee eerder as om daarmee te speel en daarop te konsentreer. As ons regtig Christene wil wees, dan

moet ons regtig ernstig wees oor ons verhouding met Christus. Christus moet ten alle tye in beheer wees van al ons gedagtes. Dit is vanselfsprekend dat sonde nie in ons lewens sal plaasvind as Christus al ons gedagtes beheer nie.

Kan ons in die Gees wandel?

"Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie" Galasiërs 5:16

- (A) _____ Wandel deur die Gees, en ons sal minder sondig.
- (B) _____ Wandel deur die Gees, en ons sal nie sondig nie.
- (C) _____ Wandel deur die Gees, en daar sal geen versoekings wees nie.

As die Heilige Gees ons lewens beheer, dan sal ons nie slawe van ons gevalle, sondige natuur wees nie. Die Bybel is vol beloftes dat ons nie heelyd, oor en oor, hoef te sondig nie. God belowe dat ons kan oorwin, en ons kan voortdurend oorwinnings behaal in die stryd teen die gevalle, sondige natuur (ons vlees).

Wat is ons enigste hoop op oorwinning? (Twee korrekte antwoorde)

"Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen." Esegïel 36:25-27

- (A) _____ As ons harder probeer, kan ons sonde oorwin.
- (B) _____ 'n Hartoorplanting is nodig om God te gehoorsaam.
- (C) _____ Net God kan ons sonde wegneem.

Dit is uiters belangrik dat ons verstaan dat oorwinning oor sonde 'n wonderwerk van God se genade is, net so seker as wat Petrus op water kon loop. Selfbeheersing sal nooit die versoekings van ons gevalle, sondige natuur kan oorwin nie. Dit is slegs 'n wonderwerk van

God wat die oorwinning kan gee – van einde tot begin. Hy doen die reiniging, Hy voorsien die nuwe hart en Hy stel ons in staat om Sy wet te gehoorsaam. As daar enige hoop is om hierdie beloftes te ervaar ons lewens, dan moet ons hierdie verse baie ernstig opneem, en dit moet elke dag die gebed in ons lewens wees.

Addisionele studie: Die evangelie wat so gewild geword het onder hedendaagse Christene, leer dat sodra ons geregverdig word, ons in ‘n geregverdigde of verlore toestand bly maak nie saak of ons aan sonde vasklou en aanhou sondig nie. In hierdie evangelie kan ons die hemel binne gaan met ‘n hart wat nie geheilig is nie. Een so ‘n skrywer skryf: “Om onder die genade te struikel, om in sonde te val, ontnem ons nie die regverdiging nie. Dit bring ook nie veroordeling van God nie.”

Natuurlik stem hierdie evangelie nie oor een met die Bybelverse wat ons in die laaste paar lesse bestudeer het nie. **Jesaja 59:2, “maar julle ongeregthede het ‘n skeidsmuur geword tussen julle en julle God”**. Sonde skei ons altyd van God. Wanneer ons aan sonde vashou, dan neem Satan beheer van die hart en die Gees van God word uitgedryf. Hoe kan ons dink dat ons verlos is van sonde terwyl ons nog sondig? Om vir onself te jok en te rasionaliseer is belangrike komponente van Satan se pogings om ons tot ‘n valse gevoel van veiligheid te bring. Enige persoon wat leer dat daar veiligheid in ongehoorsaamheid is, leer ‘n valse evangelie, en dit is selfs erger as ‘n valse dag van aanbidding.

Al hierdie dinge kan vir ons baie moedeloos klink, behalwe vir een ding – God se liefde. God soek nie maniere om ons te verwerp nie. Hy is die soekende God, en selfs wanneer ons in opstand kom teen Hom, dan sal Hy steeds probeer om ons terug te wen. Alhoewel Hy ons nie in sonde kan red nie, sal Hy voortgaan om ons lief te hê en om ons na Hom toe terug te trek. Ons sien dit die duidelikste in **1 Johannes 2:1, “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ‘n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.”** Dit is duidelik dat God se doel vir ons is dat ons nie moet sondig nie. Maar onmiddellik sien ons God se genade

in die volgende deel. As ons weens ons agtelosigheid in sonde val, het ons vir Jesus in die hemel wat ons swakheid verstaan. As ons met droefheid en opregte berou na Hom toe gaan, sal Hy ons onmiddellik help.

Ons moet duidelik verstaan dat ons slegs deur God aangeneem en aanvaar word wanneer ons ons sondes bely, en nie terwyl ons aan sondes vashou nie. Wanneer ons sondig is daar twee maniere waarop ons kan reageer: (1) Die menslike manier – of Satan se manier – is om ons sonde te regverdig en dit te goed te praat. Hierdie is die weg van skeiding van God, en daar is geen verlossing wanneer ons geskei van God is nie. (2) Die regte manier om persoonlike sonde te hanteer, is om dit te herken sodra dit in ons binneste plaasvind. Ons sien dan dat ons weereens God oneer aandoen en Satan regverdig, en dan moet ons op ons knieë val in diepe berou. Daar is net een ding wat ons in hierdie tydelike lewe moet bang maak, en dit is om te kyk hoe ons hand uit die hand van ons hemelse Vader gly. Onmiddellik moet ons God vra om ons sinkende hand te neem en ons na veiligheid te trek. Niks is meer belangrik as om weer met God te verbind nie – nie ego of reputasie nie. Solank ons die verbinding met God handhaaf, het ons die volle versekering van verlossing.

Dit beteken dat ons ons persoonlike sondes moet aanspreek, en nie net kan aanneem dat hulle sal verdwyn nie. Ons moet God toelaat om die sonde-probleem in ons op te los. **“Sodra jy sondig, vlug direk na die troon van genade en vertel alles vir Jesus.” (Signs of the Times, 15 February, 1892).** Kom ons gee vandag ons wil ten volle aan Jesus en laat hom toe om ons lewens ten volle te beheer. As ons net ons wil elke dag vir Jesus gee, dan sal ons ‘n krag besit wat ons nie kan verduidelik nie, en dan hoef ons nie op ‘n valse evangelie staat te maak wat ons ‘n valse versekering van verlossing gee nie. God se weg is altyd beter as ‘n mens se weg.

LES 15

DIE FINALE GENERASIE VOOR JESUS KOM

Die bewyse in die wêreld rondom ons en die Bybel vertel vir ons dat ons leef in die tyd wat in die Bybel beskryf word as die tyd van die einde. Ons wêreld beweeg vinnig na 'n finale hoogtepunt, en God sal binnekort beheer in Sy eie hande neem. As ons gaan lewe terwyl hierdie gebeure plaasvind, is dit belangrik om te weet wat die eienskappe van hierdie finale generasie sal wees, en selfs nog belangriker, hoe ons aan God se kant kan wees wanneer die wêreld soos ons dit ken tot 'n einde kom.

Wat gebeur voordat Jesus kom?

"Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees."

Openbaring 22:11-12

- (A) _____ Mense sal lojaliteit verander tot en met die wederkoms
- (B) _____ Karakter word permanent voor die wederkoms bepaal.

Hierdie vers vertel vir ons dat daar gaan 'n sekere tyd aanbreek wanneer diegene wat goddeloos is, so sal bly, en diegene wat regverdig is, so sal bly. Kort na hierdie tyd sal Jesus "gou" kom. Ons noem hierdie die sluit van die genade-deur want dit is die einde van die tyd wanneer mense lojaliteit van die een kant na die ander kan verander. Die tyd wanneer die genade-deur oop is – die tyd wanneer mense keuses oor

hulle ewigheid kan maak – gaan tot ‘n einde kom. Ons weet nie presies hoe lank dit is van die sluit van die genade-deur tot die wederkoms nie, maar Jesus sê “Ek kom gou”. Dit sal nie ‘n lang tydperk wees nie, maar dit sal wel ‘n belangrike tydperk wees.

Hoe het Daniël hierdie tyd beskryf?

"En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal ‘n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat ‘n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan." Daniël 12:1

- (A) _____ Wanneer Mígael opstaan, volg 'n tyd van benoudheid.
(B) _____ As Mígael opstaan, sal ons 'n millennium van vrede hê.

Hoofstuk 11 van Daniël beskryf gebeure in die wêreldgeskiedenis vanaf die dae van Daniël tot aan die einde van die aarde se geskiedenis. Nadat hierdie wêreldgebeure afspeel, staan Mígael ('n ander naam vir Christus) op om 'n nuwe fase van God se plan vir hierdie aarde en die mensdom te begin. Wanneer Christus dit doen, sal daar ‘n verskriklike tyd van benoudheid vir die aarde begin. Ons word nie vertel hoe lank hierdie tyd van benoudheid sal wees nie, maar aangesien God se volk “in dié tyd” verlos sal word, weet ons dit kan nie ‘n baie lang tydperk wees nie.

Wat gebeur nog gedurende hierdie tyd?

"En die tempel het vol rook geword uit die heerlijkheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie." Openbaring 15:8

- (A) _____ Die sewe laaste plae het in Moses se tyd oor Egipte geval.
(B) _____ Die sewe laaste plae moet nog op die aarde val.

Die tyd van benoudheid wat deur Daniël beskryf word, sal soos geen ander tyd in hierdie aarde se geskiedenis wees nie, want hierdie aarde het nog nooit rampe beleef soos die plae wat in Openbaring 16

beskryf word nie. Dit is slegs as gevolg van God se beskermende hand dat Sy volk in staat sal wees om hierdie tyd van benoudheid te oorleef wat op hierdie aarde gaan kom.

Hoe sluit dit aan by die toemaak van die genade-deur?

"En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing." Openbaring 8:3-5

(A) _____ Wierook en gebede sal vir altyd aanhou.

(B) _____ Wierook en gebede sal een of ander tyd tot 'n einde kom.

Hierdie verse beskryf die werk van engele om ons gebede vir vergifnis na God te bring. Hier leer ons dat daar 'n stadium kom wat daar nie meer gebede en wierook op die goue altaar gebring sal word nie, omdat die wierookbak op die aarde gegooi sal word, en dit sal baie probleme op die aarde veroorsaak. Hierdie tydperk is dieselfde tydperk as die sluit van die genade-deur en die 7 laaste plaes. Kort voordat Jesus terugkom, sal daar 'n tyd wees wat daar geen gebede vir vergifnis meer deur God aanvaar sal word nie, en dat daar nie meer 'n verandering van lojaliteite van die een kant na die ander sal wees nie. Alle besluite is dan reeds gemaak, en dit is finale besluite. Dit is definitief die ernstigste tyd wat daar nog ooit in ons aarde se geskiedenis was.

In watter tydperk lewe ons nou?

"En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie." Openbaring 7:1

- (A) _____ Die engele hou die magte van vernietiging terug.
(B) _____ Die engele het die winde van vernietiging losgemaak.

Ons is in die tydperk net voordat die laaste tyd van benoudheid en moeilikheid op die aarde sal kom. God se engele het die opdrag ontvang om die winde van vernietiging eers vas te hou vir 'n spesifieke doel.

Wat is daardie doel?

"En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. En ek het die getal van die verseëlde hoor: honderd vier en veertig duisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van Israel" Openbaring 7:2-4

- (A) _____ Die aarde sal nie beskadig word totdat God se mense geseël is nie.
(B) _____ Ons weet nie hoekom God wag nie

Hierdie is miskien die belangrikste vers van al ons lesse. God sê dat Hy nie sal toelaat dat die winde van vernietiging op die aarde sal kom voordat Hy nie Sy mense verseël het nie. Dit beteken dat ons nou die antwoord het oor wat dit is wat die laaste gebeure van die aarde se geskiedenis terughou. God wag nie vir nog meer sonde om op te hoop nie. Hy wag nie dat 'n tempel in Israel herbou word nie. Hy wag nie op uitsprake deur die pous in Rome nie. Hy wag op 'n spesiale groep mense, 'n groep mense wat Hy as Sy eie kan verseël. Wanneer Hy hierdie laaste generasie gevind en verseël het, sal die einde van hierdie wêreld se geskiedenis vinnig volg. Moet nie vasgevang word deur vrae soos "Is die 144, 000 letterlike of simbolies nie?", of "Hoe kan daar 12,000 van elke stam wees?" nie, maar fokus liever op hoe ons deel van daardie groep kan wees.

Hoe beskryf God hierdie groep?

"En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe." Openbaring 14:1

- (A) _____ God wil hê dat Sy naam in die Hebreuse taal geskryf moet word.
- (B) _____ God wil hê dat Sy naam in die voorhoofde van mense geskryf moet word.

Nou weet ons wat die seël van God is. Dit is Sy naam, wat Sy karakter beteken, permanent in die gedagtes van Sy volk geskryf. Hulle behoort heeltemal aan Hom en hulle besluit is finaal. Hulle het besluit om vir ewig regverdig en heilig te wees. Hulle is heeltemal klaar met rebellie en sonde. Alle sonde, van elke soort, is vir ewig uit hulle lewens weg.

Wat is hulle geestelike ervaring?

"En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God." Openbaring 14:5

- (A) _____ Hulle het die meeste van hulle sondes oorwin.
- (B) _____ Hulle staan sonder gebrek voor God.

Dit is 'n ongelooflike, byna onmoontlike beskrywing van 'n groep mense wat voorheen sondaars was soos ons almal. As ons enige twyfel het oor wat "sonder gebrek" beteken, 1 Petrus 1:19 en Hebreërs 9:14 gebruik dieselfde frase om na Jesus Christus te verwys. Daar is eenvoudig geen meer sonde in hulle lewens nie. Hulle doen presies dit wat volgens Satan onmoontlik was: Hulle leef werklik sondelose lewens in 'n gevalle, sondige natuur. Dit gebeur nie omdat God een of ander knoppie in hulle breine druk of omdat Hy skielik hulle gevalle, sondige nature weggeneem het om dit makliker te maak om gehoorsaam te wees nie. Nee, dit gebeur omdat hulle die Heilige Gees toegelaat het om hulle lewens so volledig te beheer dat hulle kwaliteit lewe kan leef as wat Christus gelewe het toe Hy op aarde was.

Opsomming: As die Bybel werklik leer dat daar 'n tyd kom wanneer die genade-deur gaan sluit en dat God dan iets spesiaal wil demonstreer, dan moet ons ook glo dat ons karakters ten volle ontwikkel kan word en ons kan lewe sonder om toe te gee aan enige versoekings. As die priesterlike bediening van vergifnis van sonde tot 'n einde gaan kom wanneer die genade-deur sluit, dan beteken dit dat daar na die sluit van die genade-deur geen meer vergifnis van sondes sal wees nie. As die werk van die vergifnis van sonde tot 'n einde gaan kom, dan is dit mos noodsaaklik dat die mense wat deur God verseël is nie meer sal sondig nie. As ons regtig glo in die Bybelse leerstellings van die oorwinning oor sonde, die werklikheid van die sluit van die genade-deur, en die waarheid oor die 144,000, dan moet ons ook glo in die Bybelse waarheid van 'n lewe sonder sonde.

Hierdie gedagte mag miskien oorweldigend wees, met baie ruimte vir moedeloosheid en pessimisme. Dit is hoekom dit nodig is om die vorige lesse weer deur te gaan. Onthou die volgende: (1) Ons is afhanklik van God se beloftes en krag, nie ons eie vermoëns nie. As Hy die wêreld binne ses dae kan skep en Lasarus uit die dode kan opwek, dan kan Hy ook wonderwerke in ons lewens doen. (2) Omdat die werk van vergifnis gaan stop, beteken dit nie dat Christus gaan ophou om vir Sy mense krag te gee om sonde te oorwin nie. Inteendeel, ons sal Hom nog meer as tevore nodig hê. Christus wat heelyd binne in ons woon sal ons enigste hoop op sukses wees. (3) Om te lewe sonder sonde is die hele doel – die eindresultaat van wat God vir ons wil doen. Ons fokus moet bly op regverdigmaking en heiligmaking, want dit is die proses wat die Here gebruik om alle sonde uit ons lewens te verwyder. Jesus vergewe ons van ons sondes. Hy kom met krag en oorwinning in ons lewens. As ons fokus op regverdigmaking en heiligmaking, dan sal die eindresultaat of doel natuurlik volg. Dit sal die natuurlike resultaat wees wanneer ons God toelaat om Sy volle werk in ons harte te doen. Soos 'n atleet wat in 'n wedloop hardloop, fokus op die volgende paar meter voor jou, terwyl jy steeds onthou wat aan die einde van die

wedloop wag. Fokus vandag op jou verhouding met Jesus terwyl jy onthou wat die doel is aan die einde van die wedloop.

As God regtig wag vir 'n spesiale groep mense voordat die laaste gebeure in die aarde se geskiedenis gaan begin, moet ons dan nie al ons tyd en energie daaraan bestee om te leer hoe om deel te wees van daardie spesiale groep nie? Dit moet ons heel eerste prioriteit wees, en al die ander prioriteite moet 'n verre tweede plek in ons lewens wees. Laat ons met ons hele hart streef om deel te wees van God se 144, 000.

LES 16

HOEKOM IS DIT SO BELANGRIK?

Wat was die doel van al hierdie lesse oor geregtigheid deur geloof? Het ons maar net interessante Bybelse leerstellings geleer wat ons in ons geheue kan stoor? Het ons nou gekwalifiseer vir 'n diploma of graad omdat ons hierdie reeks voltooi het? As dit al is wat ons ontvang het, dan het ons maar net ons tyd gemors. Daar is veel groter kwessies hier op die spel, en ons moet die groter prentjie sien voordat ons eie rol sin gaan maak. Hierdie laaste les sal nie soos die vorige lesse wees met vrae en antwoorde nie. In hierdie laaste les moet jy versigtig na elke vers kyk en vir jouself vra: Hoe is hierdie van toepassing op my daaglikse lewe? Wat is die ware rede waarom ek bestaan? Het God 'n spesiale rol vir my in hierdie laaste dae van die aarde se sondige geskiedenis? Sal God se plan langer uitgerek en vertraag word as ek nie kies om God se plan vir my te volg nie?

Sonde gaan nie net oor jou en jou verlossing nie. Sonde doen oneer aan God en Sy regering en sonde bewys dat Satan reg is in die groot stryd tussen God en Satan. Satan het nog altyd beweer dat God se wet onregverdig is en nie gehoorsaam kan word nie, veral nie deur mense wat 'n gevalle, sondige natuur het nie. **“Satan het beweer dat dit vir die seuns en dogters van Adam onmoontlik was om die wet van God te onderhou, en het God aangekla van 'n gebrek aan wysheid en liefde. As hulle die wet nie kon onderhou nie, dan was daar fout met die Wetgewer.”** (Signs of the Times, 16 Januarie, 1896).

Die ware kwessies in die groot stryd is die waarheid en betroubaarheid van God. **“Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig, soos geskrywe is: Sodat U geregverdig kan word in u woorde en oorwin as U gerig hou.” Romeine 3:4.** Sal God se hantering van die probleem van sonde opgehou en bevestig word as regverdig, of gaan Satan se beskuldigings teen God wen? Sal die heelal vir die res van ewigheid veilig wees onder God se regering? Is God ‘n selfsugtige diktator met meer krag as ons almal wat doen soos Hy wil, of is Hy ‘n liefdevolle, onselfsugtige God soos die Bybel Hom voorstel? Hierdie en ander vrae het finale antwoorde nodig voordat die groot stryd en sonde tot ‘n einde kan kom.

Maar hoe kan God se werke en regering as goed en regverdig beskou word as Sy eie mense meeste van die tyd bewys dat Satan reg is? Dit is waarom die sonde van mense wat hulleself gelowiges noem baie erger is as die sondes van ongelowige mense. Dit lyk mos of Christene se sondes vir die heelal wys dat God se wet en Sy krag nie Satan se misleidings kan oorwin nie. Wat is die hele doel van alles, tensy mense wat staatmaak op God se krag en genade kan wys dat dit sterker as Satan is? Regverdigmaking en heiligmaking is God se manier om Sy krag te wys om mense te transformeer en te herstel, nie net om sondes van die verlede te vergewe nie.

God se finale generasie het ‘n spesiale rol om te speel om die waarheid en regverdigheid van God se Woord te bewys. **“En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, spreek die Here HERE, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken.” Esegïel 36:23.** Ons, en baie geslagte en generasies voor ons, het God se naam en Sy regering oneer aangedoen deur aanhoudend te sondig. Voordat die groot stryd tot ‘n einde kan kom, moet hierdie probleem opgelos word. God sal Homself deur ons heilig en regverdig bewys sodat almal wat die God van die hemel bespot dit kan sien. God sal Homself regverdig deur vir Sy mense die krag te gee om Sy wet ten volle te kan gehoorsaam. **“As daar ooit ‘n groep mense was wat**

konstant meer en meer lig van die hemel nodig gehad het, dan is dit hierdie groep mense in die tyd van gevaar wat God geroep het om bewaarders van Sy heilige wet te wees en Sy karakter voor die wêreld te regverdig.” (Testimonies, vol. 5, bl. 746).

Die volmaakte, perfekte karakters wat God in Sy mense gaan ontwikkel is uiters belangrik in die finale deel van die groot stryd tussen Christus en Satan. Dit is die ware rede hoekom die nood van volmaakte, perfekte karakters van God se eindtyd mense so beklemtoon word. God sê dat volkome gehoorsaamheid moontlik is. Satan sê dat mense wat sonde gedoen het in ‘n gevalle, sondige natuur volkome gehoorsaamheid onmoontlik maak. Wie praat die waarheid? Dit is God se finale generasie wat gaan wys dat Satan ‘n leuenaar is.

Hierdie finale generasie word op 'n baie spesiale manier beskryf. **“En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.” Openbaring 12:17.** Die rede waarom Satan so kwaad is vir die finale nakomelinge is omdat hulle doen wat Satan gesê het onmoontlik is: hulle onderhou God se gebooie. Dit is oor die kwessie van gehoorsaamheid dat die finale stryd gevoer sal word.

Die hoofrede vir 'n kort tydjie voor Christus se koms waartydens daar geen Middelaar vir sondes in die heiligdom is nie, is om die werklikheid van God se volkome krag oor sonde in die lewens van diegene wie se wil heeltemal en vir ewig verenig is met Sy wil, voor die hele heelal wat kyk te demonstreer. Sommige van dieselfde mense wat vroeër hulle heilige vertrouwe aan God verraai het deur met Satan saam te stem dat dit onmoontlik is om God se wet te gehoorsaam, sal uiteindelik bewys dat daar geen verskoning vir sonde is nie, dat God meer mag het as Satan se versoekings. Die sluit van die genade-deure sal ‘n belangrike rol speel in die finale demonstrasie wat God voor Sy

heelal maak – dat dit werklik moontlik is vir sondige mense met 'n gevalle, sondige natuur om so verander te word deur God se genade dat hulle God se heilige, regverdige wet kan gehoorsaam.

Finale opsomming: Volmaaktheid beteken om so 'n hegte verhouding met Christus te hê dat ons ophou om te reageer op eksterne of interne versoekings om te sondig. Om volmaak te wees is om heeltemal ons samewerking vir Christus te gee. Volmaaktheid beteken om konstant onself te kruisig en ons wil en neiging oorgee aan Christus. Volmaaktheid is 'n totale verwerping van self en trots. Volmaaktheid is 'n samesmelting van die mens se wil met Christus se wil sodat die Heilige Gees in volle en finale beheer is. Om volmaak te wees is om elke oomblik geloof te beoefen in God se Woord sodat siel rein kan bly en vry van sonde en ontrouheid aan God. Volmaaktheid is om soos Jesus te wees – 'n liefdevolle verhouding met die Vader en die karaktereienskappe wat Hy geopenbaar het. Volmaaktheid is om 'n lewe te leef wat ten volle ontwikkel is deur die Heilige Gees, vol van die vrug van die Gees en dus sonder sonde. Volmaaktheid beteken om nie meer toe te gee aan rebelse, sondige begeertes nie.

As ons meer belangstel in die regverdigmaking van God se naam en karakter in die groot stryd as oor ons eie verlossing, dan het ons die suiwerste motivering om 'n heilige lewe te leef, en dan sal God daardie motief eer deur al die krag was ons nodig het in ons hande te plaas. Ons sal dan nie meer so af en toe 'n draai gaan maak in die land van sonde nie. Om die laaste vraag wat nog rondhang, dat Jesus miskien sondeloos was omdat Hy God was, te beantwoord, sal die laaste generasie ongetwyfeld bewys dat mans en vroue met gevalle, sondige nature, wat reeds gesondig het, nou kan lewe sonder om te sondig. Hierdie finale demonstrasie sal die laaste stap wees in die regverdiging van God se karakter, Sy regering, Sy geregtigheid en Sy barmhartigheid - en die groot stryd sal baie naby sy einde wees.

“Christus het menslike natuur op Homself geneem en die haat van die wêreld op Hom geneem sodat Hy vir mans en vrouens kan wys hoe dat hulle sonder sonde kan lewe.” (The Upward Look, bl. 303). Glo ons God se belofte? Gaan ons hierdie uitdaging aanvaar? Sien ons dit as die wonderlikste doel wat nog ooit voor God se mense gestel is? God sal jou seën soos jy aanhou om Sy Woord te bestudeer en streef om te ervaar wat God in jou lewe wil doen.

1 KORINTIËRS 13

- 1** Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword.
- 2** En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.
- 3** En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.
- 4** Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,
- 5** handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,
- 6** is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.
- 7** Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.
- 8** Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan.
- 9** Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.
- 10** Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.
- 11** Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.
- 12** Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.
- 13** En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

©2020 Armin Kritzinger

arminkritzinger@live.com

Alle Regte Voorbehou.

www.trustthisword.com

Book Edited Version 3

[YouTube: Armin Kritzinger](https://www.youtube.com/channel/UC...)